# H O O F S T U K IV

## DIE SMUTSWET EN PLAASLIKE BESTUUR IN DIE ONDERWYS 1907 - 1910.

### 1. Inleiding.

Die val van die Balfour-regering in Engeland en die oorname van die landsbestuur deur die Campbell-Bannerman-kabinet, het aan generaal Smuts die lang-verwagte geleentheid gebied om sy invloed te gebruik ter verkryging van selfbestuur vir Transvaal [1]. Op 6 Desember 1906 is hierdie ideaal verwesenlik [2].

Met die verkiesing wat vroeg in 1907 gehou is, het die Het Volk-party die oorwinning behaal en het genl. Botha eerste minister geword, terwyl genl. Smuts benoem is as koloniale sekretaris en minister van onderwys [3].

Die geleentheid was nou daar vir die nuwe minister van onderwys om voort te gaan om onderwyswetgewing in te stel wat sy ideaal van nouer rasse-samewerking kon verwesenlik. Kort na die indienstreding van die Campbell-Bannerman-kabinet in Januarie 1906 het genl. Smuts in 'n toespraak op Klerksdorp verklaar dat "Engelse en Boeren kinderen moeten op dezelfde school gaan zodat het volk zal opgroeien tot één gelukkige en eendragtige natie" [4].

### 2. Smuts se onderwysbenadering.

#### a. Voorstander van C.N.O.

Gedurende die Engelse oorlog het Smuts 'n belangrike rol gespeel in staats- en militêre kringe. Met die beëindiging van die krygsverrigtinge kon Smuts en Milner mekaar nie vind nie en het 'n gevoel van vyandigheid ontstaan. Die optrede van Milner het dan ook vir Smuts, wat in sy wese 'n dissipel van Rhodes

was, gedwing/....

---

1. Snyman: Historiese-Kritiese studie van die Smuts-onderwyswet van 1907, 201, 202.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98.
3. Ibid.
4. De Volksstem, 21.4.06.

was, gedwing om kant te kies teen hom en vir die Boerevolk [1].

So sterk het Smuts in die onderwysstryd getree, dat hy verkies is op die Hoofdkomitee vir C.N.O., waar hy die beginsels van die C.N.O. onderskryf en bevorder het. Op die eerste onderwyskongres in Desember 1905 was hy dit roerend eens met die voorstel wat deur genl. Botha en genl. Beyers ingedien is. Die voorstel, wat eenparig aangeneem is, behels die volgende:

> "Aangesien uit alle onderhandelingen met de Regeering over de onderwyskwestie gedurende de laatste jaren en tot nu toe gebleken is dat de rechten van ons volk niet erkend is geworden, dat, waarop wij rechtmatig aanspraak kunnen maken, zo besluit het kongres met de volksopvoeding volgens C.N.O. voort te gaan" 2).

b. <u>Kentèring in sy benadering van die onderwys.</u>

Met die koms van lord Selborne het Smuts dan ook die geleentheid gekry om te begin dink aan 'n groter Suid-Afrika. Lord Selborne het die samewerking van Botha en Smuts gesoek, veral t.o.v. die onderwysvraagstuk [3]. Hierdie samewerking het uiteindelik gelei tot die Selborne-minute, waarvan Smuts in 'n toespraak verklaar het dat hy en sekere van sy kollegas die opstellers daarvan was [4].

Die begeerte van Selborne om die C.N.O.-skole in te skakel by die staatskole om sodoende rasse-samewerking te bevorder, het mooi ingepas in Smuts se plan vir die verkryging van 'n verenigde volk.

Smuts se belange in die Hoofdkomitee vir C.N.O. het gaandeweg gekwyn en hy het hom meer en meer beywer vir die organisasie van die volk op die politieke terrein. Hy het dan ook sterk invloed gehad by die Het Volk-party.

Toe die program van beginsels van die Het Volk-party op die partykongres van Desember 1906 bekragtig is, het dit vir die voorstanders van C.N.O. duidelik

geword in/.......

---

1. Crafford: Jan Smuts. 65.
2. De Volksstem, 20.12.05.
3. Crafford: a.w., 69.
4. Snyman: Histories-Kritiese studie van die Smutsonderwyswet van 1907, 236.

geword in watter rigting die party beweeg met betrekking tot die onderwys. Artikel ses insake die onderwys lui soos volg:

> "Elementair onderwijs op kosten van de Staat, met erkenning der rechten van de ouders - bij wijse van gekozen kommissies - in de aanstelling van onderwijzers en in de keuse van medium van onderwijs, met dien verstande, dat onderricht in de Engelse taal verplichtend zal wezen. Aanvaarding van leerplicht binnen praktiese limieten en aanmoediging van goedkope, hogere en techniese opvoeding" 1).

In hierdie artikel word dieselfde beskouing gevind as in die Selborne-minute, met dié uitsondering dat die skoolkomitees volgens e.g. deur die ouers self gekies moet word en dus nie gedeeltelik deur die regering aangestel sal word nie.

By die onderwyskongres van April 1907 het Smuts sy onderwysbeleid uiteengesit en verdedig. Hy het verklaar dat die skoolkomitees die onderwysers moet aanstel en toesig moet hou dat alles goed verloop, en dan is die regering net daar om te kontroleer. Die regering sou nie meer bepaal waar 'n skool opgerig moet word nie, maar die ouers moet daarvoor aansoek doen. Die ouers kies die skoolkomitee, benoem die onderwyser, en indien sy diens en kwalifikasies goed is, moet hy deur die direkteur van onderwys aangestel word. Al die pligte rus op die ouers en die regering betaal vir die laeronderwys [2]. Kortom: elementêre kostelose staatsonderwys in plaas van die gesubsidieerde ouerskool.

Na Smuts se toespraak het die C.N.O.-manne besluit om voort ge gaan, maar dit sou tevergeefs wees, want die verkiesing was verby en Smuts stewig in die saal as koloniale sekretaris en minister van onderwys. Die meerderheid van die ondersteuners van die regerende party sou ook Smuts se onderwysbeleid ondersteun en van die vrye staatskool gebruik maak.

3. <u>Generaal Smuts loods sy onderwyswet.</u>

a. Die/.....

---

1. Vaandrager: De Beweging voor Christelik Nationale Onderwys in Zuid-Afrika, 115. Het Kristelik Schoolblad, 1.1.1907.
2. Id., 1.5.1907.

a. Die onderwyswet voor die parlement.

Soos reeds aangetoon, het genl. Smuts by verskillende geleenthede die beginsels van sy onderwysbeleid aan die volk gepropageer en verdedig [1].

Tydens die tweede lesingsdebat van die wetsontwerp insake onderwys in die parlement, het hy as koloniale sekretaris 'n breedvoerige uiteensetting gegee van al die fundamentele beginsels wat die wet raak. Aangesien die kwessie van ouerseggenskap in die onderwys 'n baie kontensieuse vraagstuk was, het hy besondere aandag daaraan geskenk [2].

Na hy die ontstaan van die C.N.O.-stelsel as reaksie teen die gesentraliseerde staatstelsel geskets het, het hy probeer aantoon dat dit nie wenslik en nodig is dat daar gesubsidieerde privaatskole sal bestaan nie. Hy het aangevoer dat die stelsel van openbare onderwys die staat baie kos en dat, met die oog op besparing, dit nie vir die regering moontlik is om privaatskole te steun nie [3]. Aangesien die meeste C.N.O.-skole reeds ingeskakel is by die regeringskole, is dit 'n bewys dat die voorgestelde onderwysbeleid vir die C.N.O.-skole aanneemlik is en dat dit nie nodig is dat daar 'n tweeledige onderwysstelsel sal bestaan nie. Ten slotte glo hy dat die Transvaalse bevolking geneig is tot redelikheid en gematigdheid en dat daar geen rede bestaan waarom die voorgestelde onderwyswet nie aan die verlange van albei die bevolkingsgroepe sal voldoen nie [4].

Die plaaslike inisiatief berus by die ouers en die publiek, en dit word beliggaam in die wetsontwerp in die vorm van komitees en skoolrade. Omdat die ouer se kind die skool besoek maar die algemene publiek die finansies voorsien, het die koloniale sekretaris beslis dat die ouers die skoolkomitees kies en die kiesers, dit wil sê die publiek, kies die skoolrade [5].

Elke skool/......

1. Hier word verwys na die kongresse van die Het Volk-party en die Hoofdkommissie vir C.N.O., sy toesprake te Boksburg en Klerksdorp.
2. Debatten, Eerste Parlement, Eerste Zitting. Tvl.,205
3. Ibid. .
4. Id., 206.
5. Id., 207.

Elke skool het die reg op 'n skoolkomitee. Ouers kan byeenkom en uit hulle midde 'n skoolkomitee kies, en hierdie komitee sou met belangrike bevoegdhede begiftig wees: die komitee kon hom in die skoolraad laat geld met betrekking tot die belange van die skool en hy sou die reg hê om saam met die skoolraad te werk met die aanstelling van onderwysers. In die geval van 'n vakature kon die skoolkomitee voorstel wie hy as onderwyser wil hê en die skoolraad sou as 'n reël die gekose onderwyser aanbeveel. Die finale beslissing sou by die direkteur van onderwys en by die minister van onderwys berus [1].

Omdat elke skool 'n skoolkomitee kon hê, sou die hele land in skoolraadsdistrikte ingedeel word met die oog op die verkiesing van 'n skoolraad vir elke distrik. Twee-derdes van die aantal lede sou deur middel van stembriefies verkies word en een-derde deur die goewerment aangestel word. Regverdiging vir die benoemde lede vind die koloniale sekretaris daarin dat die regering die geld bewillig en derhalwe moet toesien dat alle seksies van die bevolking verteenwoordiging in die skoolrade sal hê [2].

Skoolrade sou deel hê aan die ontslag en aanstelling van onderwysers, trouens, alle sake rakende die onderwys in hulle onderskeie gebiede sou die aandag van die rade geniet. Die magte wat aan skoolrade toegeken word, bring mee dat geen skool in Transvaal geopen of gesluit mag word sonder die bewilliging van die betrokke raad nie. Aangesien dit vir die sentrale Departement onmoontlik sou wees om toesig te hou oor die besteding van alle fondse, sou aansienlike bedrae aan die sorg van die skoolrade toevertrou word vir aanwending, onderworpe aan die regulasies deur die betrokke minister opgestel [3].

Sy betoog in verband met plaaslike bestuur is afgesluit deur die slotsom van die koloniale sekretaris dat die konsep-onderwyswet alles toestaan waarvoor die ouers/.......

1. Debatten, Eerste Parlement, Eerste Zitting, Tvl.,208.
2. Id., 209.
3. Ibid.

die ouers hulle beywer het [1].

Nieteenstaande die feit dat Smuts erken het dat hy sy onderwyswet op die lees van sy Britse voorgangers geskoei het, het hy sy saak so duidelik en oortuigend gestel dat die wet sonder teestem aangeneem is.

b. Die ontvangs van die onderwyswet in die openbaar.

Alhoewel die Smutswet eenparig deur die parlement aangeneem is, het dit nie altyd sonder teenkanting gegaan nie. Soos verwag kon word, was daar groot meningsverskil by die verskillende bevolkingsgroepe.

Van die kant van die regeringsparty is beswaar gemaak dat die ouers se regte nie genoegsaam erken word nie [2], terwyl lede van die opposisieparty weer beweer het dat te veel magte aan skoolkomitees toegeken is en dat skoolkomitees self oorbodig is [3].

Die Engelse pers, as mondstuk van die opposisieparty, het die nuwe wet verwelkom. Na aanleiding van Smuts se openbare toesprake het "The Star" verklaar:

> "There is nothing in it, so far as we can see, which is startling or revolutionary. It is essentiälly a National Education Bill and not a party measure" 4).

Die Afrikaanssprekendes was oor hierdie nasionale saak verdeeld. Vir die voorstanders van die staatskoolstelsel was daar oorwinning in sig, terwyl die C.N.O.-voorstanders die wet heftig bestry het.

N. J. de Wet en P. G. W. Grobler, parlementslede, het gepleit vir subsidie vir onafhanklike skole, om daardeur die C.N.O. te behou [5].

By die algemene vergadering van die Onderwysersvereniging, gehou op 2 en 3 Junie 1907, is die Smutswet bespreek. Die algemene gevoel was:

"Niet ons ideaal, maar als overgangswet een

stap in/.......

1. Debatten, Eerste Parlement Tvl., Eerste Zitting 1907, 210.
2. Id., 262. Raadslid N. J. de Wet het veral aangevoer dat die beginsel van C.N.O. nie erken word.
3. Debatten, Eerste Parlement Transvaal, Tweede Zitting 1908, 1348.
4. The Star, 10.6.07.
5. De Volksstem, 8.6.07.

stap in goede richting. Wij wilden meer rechten voor de ouders, beter waarborgen voor de taal en de geest van 't onderwys en geen gratis onderwys" 1).

Van die kant van die Afrikanervolk is verskeie pogings aangewend om sy tradisionele onderwysstelsel van ondersteunde vrye skole te handhaaf. Tydens die tweede lesing van die wetsontwerp is petisies by die Wetgewende Raad ingedien.

Die eerste petisie [2], met 75 handtekeninge uit die wyk Vaalrivier, Potchefstroom, het die Raad versoek:

1. dat die onderwys van kinders by die ouers en nie by die goewerment berus nie, sodat die ouers meer seggenskap by die benoeming van die onderwyser kon hê;
2. dat Hollands meer reg moes kry en as hooftaal in die skole gebruik moes word;
3. dat verpligte onderwys ingevoer moes word, met dien verstande dat ouers wat op verafgeleë plekke woon, die reg sal hê om privaatskole, gesubsidieer en gekontroleer deur die goewerment, op te rig;
4. dat meer tyd aan die onderrig van Bybelse geskiedenis gewy moes word.

Ander petisies [3], wat dieselfde versoeke rig, is uit verskillende oorde by die Wetgewende Raad ingedien. Die voorsitter en sekretaris van die Het Volkpartytak, Wakkerstroom, het versoek dat plaaslike skoolkomitees dieselfde regte en verpligtinge moes hê as die wat in die wetsontwerp aan skoolbesture toegesê word, en dat voorsiening gemaak moes word dat die aanstelling van onderwysers aan plaaslike skoolkomitees, onderworpe aan die goedkeuring van die direkteur van onderwys, toevertrou word [4].

Van die/.......

---

1. Gedenkboek V.V.O.O.Z.A., 31.
2. Debatten, Eerste Parlement Transvaal, Eerste Zitting 1907, 123.
3. Id., 62: J. N. Bosman en 75 ander uit Potchefstroom.
   148: Wynand Marais en 91 ander uit Heidelberg, Tvl.
   127: J. C. Coetzee en 37 ander uit Marico.
   295: B. J. Bezuidenhout en 123 ander uit Potchefstroom.
   648: F. J. Cronjé en 109 ander uit Losberg.
   771: Ds. P. van Drummelen (Ned. Herv. gemeente Marico) en 79 ander.
4. Id., 644: J. J. Potgieter (voorsitter) en H. Sausenthaler (sekretaris).

Van die kant van die kerk is daar veral deur die Gereformeerde kerk en sy lidmate beswaar gemaak teen die wet op grond van die verontagsaming van moedertaalonderrig, nie-dogmatiese godsdiensonderrig en die skynseggenskap van die ouers by die benoeming van onderwysers [1].

Die Gereformeerde kerk sou voortgaan om te ywer vir die vrye skool. Die vyftiende algemene sinodale vergadering van die Gereformeerde kerk, gehou in Maart 1907, het 'n eenparige besluit geneem waarby die volgende inbegrepe was:

> "de Synode is van oordeel: dat de ouders zelve geroepe zijn het onderwijs voor hunne kinderen te bezorgen, en aangezien de ouders belastingbetalers zijn, oordeelt de Synode dat zij met recht van de Regeering subsidie kunnen vorderen voor Vrije Scholen door hun opgericht en die voldoen aan rechtmatige eischen" 2).

Deur leidende figure in die Gereformeerde kerk is daar voortdurend aangedring op vrye skole met staatsubsidie, en die gees van die nuwe wet is daardeur veroordeel. Dr. J. D. du Toit skryf in sy "Christelijk Onderwijs met of sonder Dogma":

> "de Christelijke school wordt opgericht door de ouders, die zich daartoe vereenigen; en zij wordt gesubsidieerd door den staat op een nader te bepalen wijse, zonder echter op de rechten der ouders inbreuk te maken" 3).

In 'n artikel "Onze Roeping en Toekomst" skrywe hy dat die kerk nie sy roeping sterk genoeg voel en besef nie en "hoe weinig wij dan ook onze roeping opvolgen, ook waar wij het zonder opoffering zelfs kunnen, blijkt daaruit dat door onze Kerk in Transvaal niet eens geprotesteerd werd tegen de aanneming van de wet, die wij ondertussen veroordelen" [4].

Ds. P. C. Snyman skrywe in "Onze Gevaren" dat daar geen "sisteem van publiek onderwijs in heel Zuid-Afrika, dat niet in principiële tegenstelling met de Gereformeerde gedachte staat. Heel 't publiek onderwijs in

ons Vader/......

1. Het Kerkblad, 1.5.07.
2. Handelingen van de Algemene Synodale Kerkvergadering 1907, artikel 68, 23.
3. Du Toit: Christelijk Onderwijs met of zonder Dogma, 20.
4. Cachet e.a.: Gedenkboek der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 208.

ons Vaderland bestryd ons" [1].

Volgens prof. J. Kamp behoort die skool nie aan die regering nie maar aan die ouers, en die staat sowel as die kerk behoort hulle medewerking te verleen aan die skool van die ouers [2].

Van die kant van die ander kerke is daar, wat die plaaslike besture betref, 'n afwagtende houding ingeneem.

4. <u>Bepalings van die Smutswet insake plaaslike bestuur in die onderwys.</u>

Die nuwe onderwyswet is op 19 Augustus 1907 deur die Parlement goedgekeur en op 26 Augustus 1907 as wet no. 25 van 1907 gepubliseer [3]. Hoofstuk IX (artikels 38 tot 73) bevat uitvoerige bepalings in verband met die plaaslike bestuur van skole.

Die kolonie sou in skooldistrikte ingedeel word en vir elke distrik sou 'n bestuur of raad saamgestel word, terwyl daar vir afsonderlike skole kommissies ingestel kon word [4].

a. <u>Die bepalings in verband met skoolrade (Artikels 39 tot 66).</u>

Skoolrade sal bestaan uit ses, nege of twaalf lede; een-derde word deur die goewerneur ingestel en die res verkies [5].

Enige mondige, manlike of vroulike blanke persoon wat binne die gebied woon, mag lid word, behalwe as sodanige persoon 'n vreemdeling is, of skuldig bevind is, met hardepad gestraf en nie vir ten minste drie jaar reeds vrygelaat is nie, of kranksinnig, ongerehabiliteerd bankrot of 'n onderwyser of amptenaar van die department is.

Alle persone wat om een of ander rede nie meer die nodige kwalifikasies besit nie, of wat sonder verlof van drie agtereenvolgende vergaderings afwesig is

of wat/......

1. Cachet e.a.: Gedenkboek der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 191.
2. Kamp: De Vrije School met Goewerments Subsidie - Het eenige Redmiddel voor heel Zuid-Afrika, 3.
3. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 950 van 1907.
4. Smutswet: artikel 38.
5. Id., artikel 39.

of wat omkoopgeld ontvang het, sal ipso facto ophou om lid van die skoolraad te wees [1].

Elke inwoner van die distrik wat stemgeregtig is by 'n verkiesing van die Wetgewende Vergadering, mag as kieser deelneem aan skoolraadsverkiesings [2].

Nominasies van kandidate vind op vasgestelde tye plaas en op die voorgeskrewe vorm [3], en na die verkiesing word die name van die verkose en benoemde lede in die staatskoerant gepubliseer. Die eerste skoolrade wat onder die wet verkies word, sou tot 30 Junie 1910 in funksie bly [4].

Waar 'n toevallige vakature ontstaan deur dood of bedanking, word die vakature vir die resterende termyn deur die raad self gevul in die geval van 'n verkose lid, en deur die goewerneur in die geval van 'n benoemde lid [5].

In gevalle waar 'n raad sy pligte versuim, het die goewerneur die mag om die raad te ontbind en 'n nuwe raad in te stel. Tot tyd en wyl die nuwe raad begin funksioneer, sal die onderwysdepartement die verpligtinge van sodanige raad nakom [6].

Uittredende lede van enige raad bly in diens totdat nuwe lede benoem of verkies is [7]. Die koste van skoolraadsverkiesings word deur die staat uit algemene fondse bestry [8].

By die eerste vergadering, of so gou moontlik daarna, kies die raad 'n eie voorsitter en ondervoorsitter. In afwesigheid van die voorsitter neem die ondervoorsitter waar. Indien albei afwesig is, kies die lede 'n voorsitter. Die voorsittende beampte het 'n beslissende stem [9].

Nie minder as drie lede en nie meer as vyf nie sal 'n kworum vorm [10]. Notules van alle vergaderings

moet in/........

1. Smutswet: artikel 40.
2. Id., artikel 41.
3. Id., artikel 41.
4. Id., artikel 42.
5. Id., artikel 43-45.
6. Id., artikel ~~46, 47~~.
7. Id., artikel 48,
8. Id., artikel 50.
9. Id., artikel 51.
10. Id., artikel 52.

moet in ŉ aparte boek gehou word en by die volgende vergadering gelees en goedgekeur word. Die direkteur van onderwys of sy gemagtigde sal die reg tot insae in die notules hê [1].

Onderhewig aan die goedkeuring van die direkteur van onderwys stel ŉ raad sy eie sekretaris en tesourier aan. Indien ŉ lid van die raad self hierdie ampte beklee, ontvang hy geen vergoeding behalwe redelike reiskoste nie, terwyl vergoeding aan ŉ buitestaander deur die minister van onderwys vasgestel word [2].

Vergaderings moet ten minste een keer elke twee maande gehou word. ŉ Spesiale vergadering kan deur die voorsitter of ondervoorsitter op skriftelike versoek van drie lede belê word [3].

In ŉ aantal algemene bepalinge word die regsbevoegdheid van die raad omskryf. Geregtelike stappe vir of teen die raad sal in naam van die voorsitter geskied; geen dokument wat deur die raad bekragtig moet word, sal van krag wees nie tensy dit deur sowel die voorsitter as die sekretaris onderteken is nie; ŉ kontrak sal uitgevoer word indien dit deur die voorsitter en een of meer gemagtigde lede van die raad geteken is; geen uitbetalings uit fondse van die raad sal deur die tesourier gemaak word nie tensy hy gemagtig is deur ŉ raadsbesluit [4].

In artikels 57 tot 65 word die magte en pligte van skoolrade beskryf. Sekere skole en inrigtings wat in ŉ bylae van die wet genoem is, en ander wat van tyd tot tyd deur proklamasie bygevoeg kan word, word van die toesig van die rade uitgesluit [5].

Die algemene pligte van skoolrade sal wees om toesig te hou oor alle openbare skole, klasse en inrigtings, en enige lid van ŉ raad sal toegang hê tot

hierdie skole/.....

---

1. Smutswet: artikel 53.
2. Id., artikel 54.
   Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 1325 van 1907.
3. Smutswet: artikel 55.
4. Id., artikel 56.
5. Id., artikel 57.
   Onderwijs Wet, 1907, 50. Derde skedule.

hierdie skole, klasse en inrigtings, met die voorbehoud dat lede nie enige inbreuk mag maak op die werksaamhede wat daarin uitgevoer word nie. Die direkteur van onderwys voorsien rade van afskrifte van inspeksierapporte en die rade mag enige aanbevelings, wat die belange van die inrigtings of skole raak, aan die departement voorlê [1].

Skoolrade adviseer die departement met betrekking tot die stigting van skole en die voorsiening van akkommodasie. Die departement sal nie enige stappe in hierdie verband neem sonder raadpleging of aanbeveling van die betrokke skoolraad nie [2].

Volgens artikel 17 van die onderwyswet was die staat bereid om toelaes aan sekere privaat- plaasskole te betaal. Die skoolrade sou hierdie aansoeke van privaatskole ontvang en die toelaes aan die goedgekeurde skole uitbetaal. Die rade kon aansoeke om toelaes by die departement aanbeveel of van die hand wys sonder raadpleging van die direkteur van onderwys. In laasgenoemde geval kon die aansoeker na die direkteur van onderwys appelleer [2].

Die departement delegeer van tyd tot tyd sekere magte aan die skoolrade in verband met die oprigting of huur van skoolgeboue, onderwyswonings, koshuise en ander geboue, asook die aankoop van die nodige skoolterreine [4].

Sekere fondse word uit die algemene inkomste van die kolonie aan skoolrade toevertrou vir herstel en veranderings aan skoolgeboue, vir skoolmeubels en toerusting, vir beurse en koste in verband met enige saak rakende die uitvoering van die pligte van skoolrade en in sake waartoe hulle deur regulasies gemagtig is [5].

Skoolrade is verantwoordelik vir die instandhouding en versorging van geboue en terrein, insluitende losieshuise en onderwyserswonings, meubels en

toerusting/........

1. Smutswet: artikel 58.
2. Id., artikel 59.
3. Id., artikel 60.
4. Id., artikel 61.
5. Id., artikel 62.

toerusting wat die eiendom van die departement is. Rade sal volmag hê om geboue vir gebruik buite skoolure vir ander doeleindes beskikbaar te stel of te weier, en hulle kan hulle reg aan beheerrade of skoolkomitees oordra [1].

Alle sake wat deur skoolkomitees aan hulle voorgelê word, sal deur die rade behandel word, en aanbevelings sal in daardie verband aan die departement voorgelê word. Rade behou die reg om self besluite oor bogenoemde sake te neem, met dien verstande dat skoolkomitees die reg sal hê om na die direkteur van onderwys te appelleer indien hulle volgens eie oordeel in die ongelyk gestel is [2].

Ten slotte moet skoolrade alle dokumente, finansiële state en statistieke deur die departement verlang, voorsien [3].

b. Die bepalings in verband met skoolkomitees (Artikels 66 tot 72).

Alle skoolkomitees wat volgens bepalings van ordonnansie no. 7 van 1903 verkies is, sal voortbestaan tot 30 Junie 1908, waarna hulle hersaamgestel sal word [4].

Skoolkomitees sal, soos die skoolraad mag besluit, bestaan uit nie minder as vyf en nie meer as sewe lede nie. ŉ Skoolkomitee sal vir elke openbare skool gekies word, uitgesonderd vir gesubsidieerde plaasskole en skole deur die onderwyswet daarvan vrygestel [5].

In sekere gevalle het die skoolrade die mag om self, of deur ŉ subkomitee gekies uit eie geledere die skole te beheer, met die volgende voorbehoude: waar ŉ skoolkomitee bestaan, sal die skoolraad van sy magte gebruik maak alleen wanneer die skoolkomitee dit versoek, en daarna sal die skoolkomitee ontbind; waar geen/.......

1. Smutswet: artikel 63.
2. Id., artikel 64.
3. Id., artikel 65.
4. Id., artikel 66.
5. Onderwijs Wet 1907, 50. ŉ Derde bylae is by die Onderwijs Wet gevoeg waarin die name van skole, hoofsaaklik middelbare skole wat vrygestel is, verskyn.

waar geen skoolkomitee bestaan nie, sal op 'n skriftelike versoek, geteken deur nie minder as vyftig persent van die ouers van skoolgaande kinders nie, deur die raad goedkeuring verleen word tot die verkiesing van 'n skoolkomitee [1].

Die verkiesing van skoolkomitees sal deur die skoolrade gereël word [2]. Ouers wat binne die skooldistrik of binne drie myl van die grense daarvan woonagtig is en wat een of meer kinders in die skool het, sal stemgeregtig wees [3].

Die bepalings van artikels 51 tot 55 sal mutatis mutandis ook op skoolkomitees van toepassing wees, behalwe dat die sekretaris of penningmeester van 'n skoolkomitee nie vergoeding vir sy dienste sal ontvang nie [4].

Die magte en pligte van skoolkomitees sal wees om:

1. alle sake rakende die welsyn en doeltreffendheid van hulle skool onder die aandag van die skoolraad te bring;
2. stappe te neem om te verseker dat geboue in 'n goeie toestand gehou word;
3. deel te neem aan die benoeming, skorsing of ontslag van onderwysers binne perke van die wet;
4. sodanige magte uit te oefen as wat die skoolraad in terme van die wet aan hulle delegeer 5).

Skoolkomitees sal in alle sake met die skoolrade onderhandel en nie direk met die departement nie [6].

c. <u>Plaaslike bestuur van skole, klasse en inrigtings wat nie onder die toesig van skoolrade val nie en waarvoor daar nie vir skoolkomitees voorsiening gemaak word nie</u>.

Artikel 73 van die Smutswet bepaal dat die minister van onderwys van tyd tot tyd reëlings kan tref vir die instel van beherende liggame vir enige openbare skool of inrigting wat, volgens die onderwyswet, nie onder toesig van skoolrade val nie.

Die openbare/.......

1. Smutswet: artikel 68.
2. Id., artikel 69.
3. Id., artikel 67.
4. Id., artikel 70.
5. Id., artikel 71.
6. Id., artikel 72.

Die openbare skole of inrigtings asook die magte van die beherende liggame sal van tyd tot tyd deur regulasies voorgeskryf word [1].

5. Wysigings van onderwyswet nommer 25 van 1907 met betrekking tot plaaslike besture.

Die deeglikheid waarmee die Smutswet opgestel is, word gestaaf deur die feit dat die wet tot aan die einde van 1910 slegs twee maal gewysig is, en in albei gevalle het dit betrekking gehad op plaaslike besture.

Die eerste wysiging is neergelê deur wysigingswet nommer 28 van 1908. Hierdie wet bepaal dat die grense van skoolraadsdistrikte nie noodwendig dieselfde sal wees as dié vir sekere kiesafdelings nie, maar dat grense vasgestel kan word soos die omstandighede dit vereis [2]. Verder bepaal dit 'n noukeuriger vasstelling van die omstandighede waaronder 'n kommissie vir 'n openbare skool saamgestel mag word, asook die voorwaardes vir lidmaatskap van so 'n kommissie [3].

Die tweede amendement deur wet nommer 3 van 1909 het onder andere skoolrade gemagtig om die vervoer van leerlinge te onderhou, sowel as om ooreenkomste aan te gaan vir dié vervoer; dit het verder die minister gemagtig om regulasies vir skoolkomitees op te stel en skoolrade gemagtig om sake, rakende die vasstelling van skoolgrense, te hanteer [4].

Bogenoemde wysiginge het geen ingrypende veranderinge ingehou nie en het slegs sekere onduidelikhede uit die weg geruim en die vlot verloop van sake bevorder.

6. Plaaslike bestuursliggame in die praktyk.

a. Skoolrade/...

---

1. Smutswet: artikel 73.
2. Wet nommer 28 van 1908, artikel 1.
T.O.D.-Rapport 1909, 6.
3. Wet nommer 28 van 1908, artikel 2.
T.O.D.-Rapport 1909, 6.
By sekere skole is lede van die skoolkomitees gediskwalifiseer omdat hulle nie ouers van die skool was nie. (Sien Debatten van de Tweede Zitting van de Wetgewende Vergadering 1908, 265, 682.)
Wet no. 28 van 1908 bepaal nou dat dieselfde kwalifikasies vir lede van skoolkomitees sou geld as wat vir lede van skoolrade neergelê is.
4. T.O.D.-Rapport 1909, 6.

a. Skoolrade.

(1) Reëlings en regulasies in verband met die verkiesing van skoolrade.

In die Staatskoerant van 8 November 1907 verskyn goewermentskennisgewing nommer 1099, wat die aantal skoolraadsdistrikte met die aantal lede vir elke distrik soos volg bepaal [1].

| Twaalf lede elk. | Nege lede elk. |
|---|---|
| Heidelberg. | Barberton. |
| Lichtenburg. | Bethal. |
| Marico. | Bloemhof. |
| Potchefstroom. | Carolina. |
| Pretoria. | Ermelo. |
| Rustenburg. | Klerksdorp. |
| Ventersdorp. | Lydenburg-Noord. |
| Witwatersrand-Sentraal. | Lydenburg-Suid. |
| Witwatersrand-Oos. | Middelburg. |
| Witwatersrand-Wes. | Standerton. |
| (Totaal: 10). | Volksrust. |
| | Wakkerstroom. |
| | Waterberg. |
| | Witwatersberg. |
| | Wolmaransstad. |
| | Zoutpansberg. |
| | (Totaal: 16). |

Die aantal skoolraadsdistrikte is intussen met een vermeerder deur die skepping van die distrik Piet Retief met nege lede [2].

Alhoewel die Smutswet voorsiening maak vir skoolrade met ses, nege of twaalf lede, is daar nie een raad met ses lede saamgestel nie. Dit tref ook dat die kleinste raad, met twaalf lede, een-en-dertig skole en gemiddeld 1278 ingeskrewe leerlinge onder sy toesig gehad het, terwyl die raad vir Middelburg, met nege lede, op dieselfde datum vier-en-dertig skole met 1645 leerlinge onder sy toesig gehad het. Aan die ander/.......

1. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing 1099 van 1907.
Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 3.

2. T.O.D.-Rapport, 1909 - 1910, 12.

Aan die ander kant is 'n versoek van die Zoutpansbergse raad, met een-en-dertig skole en 1113 leerlinge, om 'n vermeerdering van die aantal lede van nege na twaalf met ingang 1 Julie 1910, toegestaan. Op 1 Julie 1910 sou daar dus sewe-en-twintig skoolrade wees, elf met twaalf lede en sestien met nege lede [1].

Die datum en tyd vir die nomisasies van skoolraadslede word deur goewermentskennisgewing nommer 1100 van 1907 aangekondig as 15 November 1907 om 11 v.m. Die name van die skoolraadsdistrikte en die betrokke kiesbeampte word vermeld. Daar is ook 'n bepaling dat indien kiesers vooraf ooreenkom om die korrekte aantal lede te nomineer, dit wil sê nege of twaalf, en die name aan die minister van onderwys voorlê, hy sal onderneem om een-derde uit die lys te benoem. Indien daar egter by die openbare vergadering meer persone genomineer word, sal 'n stemming gehou word en sal die koloniale sekretaris enige een-derde persone benoem wat hy geskik mag ag [2]. Op 14 November 1907 is 'n byvoeging gemaak wat neerlê dat, indien op nominasiedag net die korrekte aantal kandidate genomineer word, die verkiesingsbeampte die vergadering mag verdaag om eers vas te stel of die minister bereid is om een-derde van die lede te benoem [3].

In goewermentskennisgewing nommer 1102 van 1907 word die wyse waarop skoolrade verkies word uiteengesit. Die nominasiedatum word deur 'n goewermentskennisgewing bepaal, en indien daar net voldoende kandidate genomineer word, word hulle as verkose verklaar. Indien meer genomineer word, bepaal die kiesbeampte 'n verkiesingsdatum wat nie binne een maand vanaf die nominasiedag sal wees nie. Hy verklaar mondeling en skriftelik in koerante en ander organe wat in die skooldistrik sirkuleer, die name van die genomineerdes en die datum van die verkiesing. Stembriefies met alle besonderhede word aan elke stemgeregtigde kieser gestuur. /.....

1. T.O.D.-Rapport, 1909 - 1910, 12, 13.
2. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 1100 van 1907.
3. Id.: Goewermentskennisgewing no. 1230 van 1907.

stuur. Voltooide stembriefies word per pos aan die kiesbeampte terugbesorg. By ontvangs van die stembriefies word hulle sorgvuldig gekontroleer en bewaar en volgens voorskrifte getel. Na die uitslag van die stemming word 'n aankondiging gemaak.

Die name van sowel die verkose as die benoemde skoolraadslede is op 27 Desember 1907 aangekondig en die volgende dag het hulle dienstermyn 'n aanvang geneem [1]. Twee-en-twintig van die ses-en-twintig skoolrade is egter sonder 'n verkiesing gekonstitueer [2].

'n Kenmerk van die name van skoolraadslede is dat daaronder, veral op die platteland, baie Afrikaners voorkom. Oor die algemeen het die predikante van die Hollandse kerke goeie verteenwoordiging gehad [3]. Voorgenoemde dui op 'n teenstelling met die Selborne-skoolrade. Dit toon ook dat, alhoewel nie alle Afrikaners hulle in alle opsigte met die Smutswet vereenselwig het nie, die bereidwilligheid om die volle gewig in te gooi in belang van die opvoeding en die onderwys van die jeug nie ontbreek het nie.

Die sakelys vir die eerste vergadering van die verskillende skoolrade is in die Staatskoerant aangekondig asook in departementele omsendbrief nommer 1330,

gedateer/.......

---

1. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 1281 van 1907, en 1413 van 1907.
2. T.O.D.-Rapport, 1907 - 8, 10.
3. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 1412 van 1907.
   Lötz: Geskiedenis van die Ontwikkeling van die Onderwys aan Blankes in die Distrik Heidelberg, Transvaal, 112.
   Lede van die Heidelbergse skoolraad: A. von Geusau (voorsitter), ds. P. Postma (vise-voorsitter), ds. A. Louw, ds. J. van Belkum, eerw. P. Aldous, S. J. Zeeman, J. H. Jacobs, W. W. J. J. Bezuidenhout, W. F. Pretorius, F. J. Bezuidenhout, F. N. Leslie, E. Dunstan.
   Badenhorst: Potchefstroom, 241.
   Potchefstroomse skoolraad: ds. M. L. Fick, J. J. F. du Toit, S. Cronjé, P. Dawidtz, F. Schutte, B. D. Pienaar, J. Prinsloo, N. Malherbe, J. Gaisford.
   Snyman: 'n Geskiedenis van die Onderwys van Blankes op Christiana en Omstreke, 46.
   Bloemhofse skoolraad: ds. K. T. van den Heever (voorsitter), ds. J. F. le Clus (ondervoorsitter), T. S. Skone, J. F. de Beer, F. Huyser, J. de Villiers Joubert, A. York en J. C. Visagie.

gedateer 4.1.1908. Die magistraat of assistent-magistraat sou die eerste vergadering, wat soos volg sou verloop, open:

a. Kiesing van 'n voorsitter.

b. Kiesing van 'n ondervoorsitter.

c. Benoeming van 'n sekretaris, onderhewig aan die goedkeuring van die direkteur van onderwys.

d. Vasstelling van 'n kworum wat nie minder as drie of nie meer as vyf lede sal wees nie.

e. Beraming van die aantal skole, vir meer as honderd leerlinge, wat vir die distrik benodig word en wat gedurende die jaar 1908-1909 opgerig moet word.

f. Vasstelling van die datum, tyd en plek van toekomstige vergaderings.

g. Ander dringende sake wat na die raad verwys mag word deur die Transvaalse Onderwysdepartement of deur enige sekretaris van 'n raad wie se pos vakant word 1).

(2) Benoeming van 'n skoolraadsekretaris.

Die diensvoorwaardes vir skoolraadsekretarisse is ook deur regulasies vasgelê [2]. Van belang is dat die poste in die Staatskoerant geadverteer word en dat die skoolraad 'n aanbeveling aan die direkteur van onderwys voorlê. Die direkteur mag die aanbeveling van die hand wys en die saak na die minister van onderwys verwys [3]. Te Bloemhof het die raad die heer F. Jooste benoem as sekretaris, maar die direkteur het sy benoeming afgekeur en die heer P. J. van Duyn is aangestel [4].

(3) Verpligte onderwys.

Volgens artikel 21 van die skoolwet rus die verpligting op die skoolraad om die regulasies in verband met skoolplig uit te voer. Dit sou dan die taak van elke raad wees om die beste metodes en mid-

dele aan/........

---

1. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing 1412 van 1907.
   Dippenaar: Die Onderwys van Blankes in Krugersdorp 1887-1939, 136.

2. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing 1325 van 1907.

3. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 5.
   Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing 1325 van 1907.

4. Snyman: 'n Geskiedenis van die Onderwys van Blankes op Christiana en omstreke, 47.

dele aan te wend om hierdie pligte te vervul [1].

Die volgende wenke word deur die owerheid aan die skoolrade gegee [2]: Die eerste stap sal wees om vas te stel hoeveel ouers hulle plig versuim ten opsigte van artikel 19(1) van die wet en in watter mate dié versuim aan gebrek aan middele toegeskryf kan word. Elke skoolraad behoort te weet hoeveel kinders tussen die ouderdomme agt en veertien jaar binne ʼn afstand van drie myl van enige openbare skool woonagtig is, asook hoeveel kinders verder as drie myl woon en wat met behulp van vervoer deur die goewerment verskaf die skool kan besoek en dit nie doen nie; dit sal nodig wees om ʼn opname te maak van die aantal en die verspreiding van skoolbanke. Uit hierdie gegewens sal ʼn raad ʼn verslag aan die onderwysdepartement kan voorlê, waaruit vasgestel kan word of daar verdere voorsiening vir skole gemaak moet word en of daar in die behoefte van skoolruimte vir die distrik voorsiening gemaak kan word deur vervoerskemas, koshuise of enige plan tot sentralisasie.

In die tweede plek sou rade self moet beplan hoe hulle bogenoemde inligting gaan verkry, maar dit sou veral nodig wees om vas te stel of dit wenslik sou wees om ʼn amptenaar, verantwoordelik vir skoolbesoek, te benoem. Die benoeming sou deur die minister gedoen word mits die nodige fondse beskikbaar is [3].

Die werk van die skoolbesoekbeampte sou hoofsaaklik sensuswerk wees, om vas te stel welke ouers se kinders die skool glad nie of ongereeld besoek. Die beampte sou teen die ouers van ongereelde skoolbesoekers, of werkgewers wat skoolpligtige [4] kinders in diens neem, in terme van die wet kan optree.

Skoolrade het dadelik aan die werk gespring in verband met skoolbesoek. Aanvanklik was daar nie veel sukses nie, veral in die uitgestrekte plattelandse gebiede. Uit die eerste jaar se inspekteursverslae

is daar/.......

---

1. Smutswet: artikel 21.
2. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 13(b).
3 Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikels 13(b) en (c).
4. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing 309 van 1909, artikel 3 bepaal dat ʼn kind die skool tot standerd vier moet besoek.

is daar uiteenlopende menings in verband met die uitwerking van die wet [1]. Die gemiddelde skoolbesoek aan die einde van die eerste jaar was 85.8% en die direkteur van onderwys het in sy jaarverslag skoolrade aangemoedig om die gemiddelde skoolbesoek op te skuif na 90% [2]. Aan die einde van die volgende jaar was die gemiddelde skoolbesoek 86.0%. 'n Baie geringe verbetering [3].

Die aanstelling van skoolbesoekbeamptes is weens 'n tekort aan fondse tot 1909 uitgestel [4]. In sy jaarverslag vir 1909 meld die direkteur van onderwys dat alle skoolrade, uitgesonderd Lydenburg-Noord, skoolbesoekbeamptes aangestel het. Alhoewel dit te vroeg was om die invloed van die werk van hierdie amptenare te bepaal, was dit die regte stap om onwillige ouers aan te spoor en belangrike inligting vir skoolrade in verband met die skoolbevolking in te win [5].

Gedurende/........

---

1. T.O.D.-Rapport, 1907-8: 52-94.
   Inspekteur J. D. Kerrich van Barberton, Lydenburg-Noord, Lydenburg-Suid, Middelburg: By die publiek bestaan daar slegs 'n idee dat skoolbesoek verpligtend is. Geen merkbare bewys dat die wet in werking is nie, 52.
   Inspekteur H. P. Mills (Waterberg en Soutpansberg): Daar is ongeveer 750 leerlinge tussen 5 en 15 jaar wat nie die skool besoek nie. Die tyd is nog nie ryp vir die aanstelling van skoolbesoekbeamptes nie, 61.
   Inspekteur C. Mansfield (Pretoria-distrik): Die wet is reeds in werking en die aanstelling van skoolbesoekbeamptes word aanbeveel, 61.
   Inspekteur T. G. Ligertwood (Heidelberg, Bethal, Standerton): Die uitwerking van die wet is goed, 'n voorbeeld moet van oortreders gemaak word, 73.
   Inspekteur N. Hofmeyer (Volksrust, Ermelo): Daar is nog nie veel sukses nie, 75.
   Inspekteur J. H. Corbett (Potchefstroom, Ventersdorp, Klerksdorp, Witwatersberg): Daar bestaan nog geen masjinerie om uitvoering aan die wet te gee nie. Die uitwerking is dus nul of selfs negatief. Die ouers beskou die owerheid te bang om uitvoering aan die wet te gee, 82.
   Inspekteur M. White (Rustenburg, Marico): Hy kla oor ongereelde skoolbesoek en meld dat die wet slegs in uitsonderlike gevalle verbetering bewys het.
2. T.O.D.-Rapport, 1909, 4.
3. Id., 1910, 2.
4. Id., 1909, 16.
5. Id., 17. Inspekteur J. D. Kerrich vermeld in dieselfde jaarverslag dat al vier skoolrade in sy kring, d.w.s., ook Lydenburg-Noord, skoolbesoekbeamptes aangestel het.

Gedurende 1909-1910 was daar 68 gevalle van vervolging deur 14 skoolrade, en in almal behalwe 15 is die beskuldigde ouers gevonnis. Strawwe het gewissel van 'n halfkroon tot £2. Twee werkgewers is vervolg omdat hulle jeugdiges in diens geneem het [1].

Teen die middel van 1910 was daar, volgens beraming, tussen 3,000 en 3,500 kinders van skoolgaande ouderdom op die Transvaalse platteland wat nie 'n skool besoek het nie, terwyl die sekretaris vir skoolraad Witwatersrand dit op 158 vir sy gebied en die sekretaris vir die Pretoriase raad dit op 150 vir sy gebied geskat het. In totaal was dit dus slegs nege persent van die kinders wat nie 'n skool besoek het nie [2].

Die uitvoering van die wet in verband met verpligte skoolbesoek was tot 1910 'n langsame proses en wel om 'n verskeidenheid van redes. Die samewerking van al die ouers moes verkry word en die eerste paar jaar kan met reg as 'n oorgangstydperk beskou word.

Lang afstande, vol riviere, gebrek aan vervoer en die voorsiening van skole in dunbevolkte streke; jeugarbeid op plase [3] en die tekort aan onderwysers [4] is almal faktore wat 'n nadelige uitwerking op die skoolbesoek gehad het. 'n Onoordeelkundige toepassing van die strafmaatreëls waarvoor daar in die wet voorsiening gemaak word, sou nie die samewerking van die ouers bevorder nie.

(4) <u>Die voorsiening van onderwysfasiliteite en sentralisasie</u>.

Een van die grootste en belangrikste take van die skoolrade was om die kinders teen die laagste koste binne die bereik van die openbare onderwys te bring, sodat hulle die meeste waarde uit die onderwys kon put. Langs die volgende weë kon die rade/........

1. T.O.D.-Rapport 1910, 43-44.
2. T.O.D.-Rapport 1909-10, 46-47, (Nederlandse Uitgawe).
3. T.O.D.-Rapport 1909, 85, 86.
T.O.D.-Rapport 1910, 2.
4. Debatten, Eerste Parlement, 1908, 1349, 1350. Raadslede kla dat daar wel skoolgeboue op die plase is maar dat onderwysers nie beskikbaar is nie.

die rade bogenoemde bewerkstellig: deur die aanbeveling van geldelike ondersteuning aan privaatskole onder artikel 17 van die onderwyswet; deur die aanbeveling van die oprigting van laer-, middelbare of ambagskole en voortsettingsklasse kragtens artikels 23(1), 24 en 25 onderskeidelik, en derdens deur die geld aan te wend wat kragtens artikel 6(1) beskikbaar gestel word vir die vervoer van kinders na 'n openbare skool of vir die verskaffing van huisvesting [1].

Die verspreide landelike bevolking was 'n groot struikelblok in die weg van die behoorlike administrasie van die onderwys. Dié probleem, wat in die verlede op verskillende maniere aangepak is, kon 'n moontlike oplossing in tweërlei rigting vind: sentralisasie of desentralisasie van die opvoedingsmiddele, dit wil sê, die kinders word op 'n sentrale plek saamgetrek sodat 'n behoorlike skool gestig kan word, óf die onderwys word na die kind gebring.

Die standpunt van die owerhede was dat sentralisasie die aangewese weg was om die beste opvoeding te verskaf. Die landsomstandighede was in 1907 van so 'n aard dat dit nodig was om eenmanskole met 25 tot 35 leerlinge te onderhou en ook nog kleiner privaatskole, kragtens artikel 17 van die onderwyswet. Die owerheid het sterk daarop aangedring dat tweemanskole met 40 tot 45 kinders die kleinste eenheid in die stelsel van openbare onderwys moes wees.

Dit was dan in belang van die kinders en die gemeenskap dat die rade alles in die werk sou stel om sentralisasie te bevorder en desentralisasie te voorkom. Om hierdie doel te bereik, moes die stelsel van vervoer en beurse vir huisvesting uitgebrei word.

Alhoewel die sentralisasievraagstuk hoofsaaklik vir die platteland van belang was, was dit nietemin nodig om ook in die stede aandag daaraan te skenk. In die stedelike gebiede is 'n stelsel gevolg waardeur 'n hoofskool en een juniorskool of meer van laer rang in die behoefte van die onderwys in die besondere

wyke voor-/.......

---

1. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 142.

wyke voorsien het. Die hoogste klasse vir die juniorskole was gewoonlik standerd drie, terwyl die hoofskool al die klasse betrek het. Hierdie konsentrasie het dit finansieel en prakties moontlik gemaak om die kinders in groepe in te deel volgens vordering en op die basis van een groep per onderwyser. Bowendien kon slegs onder sulke omstandighede met praktiese opleiding in handearbeid en huishoudkunde voortgegaan word [1].

Aanvanklik is daar met die uitvoering van die sentralisasiebeleid glad nie of baie stadig gevorder. Sommige skoolrade en selfs inspekteurs van onderwys was teen hierdie beleid gekant [2], andere weer het die taak met ywer aangepak, die nodige ondersoek ingestel en aanbevelings gemaak [3]. Met die praktiese uitvoering daarvan het dit moeiliker gegaan.

In sy jaarverslag vir 1907-8 stel die direkteur van onderwys twee vereistes vir die suksesvolle toepassing van die sentralisasiebeleid: die Parlement moet 'n milde geldelike toesegging maak vir die ver-

voer van leerlinge/......

---

1. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 15.

2. Snyman: 'n Geskiedenis van die Onderwys van Blankes op Christiana en omstreke, 48. Die Bloemhofse skoolraad het geglo in 'n beleid van die skool na die kind bring. In 1910 was daar nog sewe eenmanskole.
T.O.D.-Rapport, 1909, 102, 156. Inspekteur T. C. Stoffberg het gevoel dat die tyd nog nie ryp was vir sentralisasie nie. Sy sienswyse: "Wanneer de nodige belangstelling door de school met één onderwijzer opgewekt is, zal 't volk as vanself verzoeken om sentralen scholen voor hooger opleiding hun kinderen".
T.O.D.-Rapport 1907-8, 80. Inspekteur J. H. Corbett kla dat rade te veel eenmanskole stig en hy verkeer onder die indruk dat rade nie die beleid van sentralisasie steun nie.

3. T.O.D.-Rapport, 1907-8, 54. Inspekteur F.H. Thompson (Johannesburg en Rand) vermeld 'n hele aantal voorstelle met die oog op sentralisasie.
T.O.D.-Rapport 1907-8, 15. Wes- en Oos-Rand skoolrade het alle leerlinge bokant standerd vyf by sentrale skole saamgetrek.
Dippenaar: Die Onderwys van Blankes in Krugersdorp, 144. Die Witwatersbergse skoolraad het by sy eerste vergadering 'n sub-komitee benoem om sentralisasie te ondersoek en aanbevelings te maak.

voer van leerlinge na sentrale skole of vir die voorsiening van losiesfasiliteite vir kinders, en skoolrade moet so gewapen wees met 'n milde toewysing aan fondse dat hulle sterk genoeg kan wees om aansoek om klein skooltjies van die hand te wys [1].

In sy volgende jaarverslag het hy die ondoeltreffendheid van eenmanskole sterk beklemtoon en gesê dat sentralisasie die wagwoord moet wees. Weer eens het hy sy aanbeveling om ruimer voorsiening van fondse vir vervoer en losies met nadruk herhaal [2].

Wysigingswet nommer 3 van 1909, wat skoolrade gemagtig het om hulle eie vervoerskemas in te stel [3] tesame met die oprigting van koshuise, het die sentralisasie-beleid bevorder. Die verskyning van die donkiekar en die muilwa op die paaie van Transvaal [4] was dan ook 'n bewys dat daar vordering gemaak is [5].

Daar was baie probleme waarmee die skoolrade in die uitvoering van hulle taak te kampe gehad het. Die suksesvolle toepassing van 'n sentralisasiebeleid het nóu saamgehang met doeltreffende vervoerskemas en losiesfasiliteite. Alhoewel die donkiekar en muilwa 'n vervoermiddel was, kon dit nie beskou word as 'n doeltreffende vervoermiddel om kinders op groot skaal na sentrale skole te vervoer nie. Om die nodige losiesfasiliteite te voorsien, was baie fondse nodig, en die opdrag aan skoolrade was juis om die koste so laag moontlik te hou [5].

Teen die helfte van 1910 is meer as 3,500 leerlinge óf na die skool vervoer óf naby die skool gehuisves [6].

Skoolrade het aan die vervoer van leerlinge,

gedurende/........

---

1. Dippenaar: Die Onderwys van Blankes in Krugersdorp, 6.
2. Id., 5.
3. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing 268 van 1909.
4. T.O.D.-Rapport 1909, 15,82,83. Wolmaransstad vervoer leerlinge met 'n muilwa. Lichtenburg stig distrikslosieshuise en voer 'n donkie- en eselswaskema in. Botha: Die Sentralisasie van Plattelandse Onderwys in Transvaal 1900-1937, 19. Die Lichtenburgse skoolraad het 'n "donkie -en Eselskema" ingevoer.
5. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties artikel 14.
6. T.O.D.-Rapport 1910, 21.

gedurende die boekjaar 1908-9, £15,130 [1] en gedurende 1909-10, £22,784 10s. bestee, wat gewissel het van £132 in die skoolraadsgebied van Barberton tot £1,735 in Marico [2]. Gedurende dieselfde boekjaar is £19,385 2s. aan losies- en studiebeurse uitbetaal [3].

Ander probleme was van 'n meer plaaslike aard. Skoolrade moes die tradisionele opvatting van die Afrikaner, dat die skool na die kind gebring moet word, oorwin. Elke boer wou nog die skool op sy plaas hê en onderlinge rusie tussen bure het die plasing van skole bemoeilik [4]. Die verkryging van grond en die transportering daarvan op die naam van die goewerment het lank geneem [5]. Dikwels moes skoolrade toestemming verleen tot die oprigting van eenmanskole omdat politieke leiers beloftes gemaak het in verband met die oprigting van skole vir 25 kinders [6].

Soos reeds aangetoon, kon skoolrade ook in terme van artikel 17 van die wet onder sekere voorwaardes toelaes toeken aan privaatskole. Die direkteur van onderwys het gevrees dat hierdie soort staatsondersteunde skole groot byval sou vind by die volk en dat dit sentralisasie in die wiele sou ry. Die optrede van skoolrade, onder aansporing van die direkteur, het meegebring dat daar aan die einde van 1908 slegs nege sodanige skole bestaan het [7]. Gaandeweg het die gesubsidieerde plaasskole egter toegeneem tot 33 in 1910 [8].

Om die vordering wat met sentralisasie gemaak is aan te toon, verstrek die direkteur van onderwys die volgende gegewens: Gedurende die jaar 1907-1908 was die toename in die aantal leerlinge 3,000 en die skole het met 88 vermeerder, terwyl daar in die volgende jaar 'n toename van 2,500 leerlinge en 19 nuwe skole was.

Skole met/......

---

1. T.O.D.-Rapport 1908 - 9, 184.
2. T.O.D.-Rapport 1910, 253.
3. Id., 88.
4. T.O.D.-Rapport 1907 - 8, 85.
   T.O.D.-Rapport 1909, 80.
5. Id., 13, 14.
6. T.O.D.-Rapport 1907 - 8, 85.
7. Id., 5.
8. T.O.D.-Rapport 1910, 4

Skole met 26 tot 35 leerlinge het verminder van 198 tot 183, dié met 36 tot 40 leerlinge het van 85 tot 70 verminder, en dié met 41 tot 70 leerlinge het vermeerder van 96 tot 135.

Die direkteur van onderwys was baie in sy skik met die vordering wat gemaak is en het dit toegeskrywe aan die progressiewe onderwysbeleid van die meerderheid van die skoolrade [1].

Nieteenstaande die vordering was daar nog 84 skole met minder as 20 leerlinge en 25 skole met tussen 20 en 25 leerlinge. Die aantal ondersteunde staatskole het in die jaar 1909 - 1910 toegeneem van 19 tot 33, terwyl die getal leerlinge van 300 na 301 vermeerder het [2].

(5) Beurse.

In artikel 6 van die onderwyswet word voorsiening gemaak vir die toekenning van sekere beurse aan leerlinge en studente [3]. In die beursregulasies word die volgende beurse genoem: vervoer-, reis-, studie- en losiesbeurse [4].

Aansoeke om beurse moes op die voorgeskrewe vorm en deur bemiddeling van die skoolhoof of die skoolkomitee aan die skoolraad voorgelê word. Die raad sou dan die nodige beurse toeken uit fondse wat vir dié doel beskikbaar gestel is [5].

Vervoerbeurse sou alleen toegeken word aan leerlinge wie se huislike omstandighede sodanig is, dat dit volgens die mening van die skoolraad vir die leerling onmoontlik is om sonder finansiële hulp 'n skool te besoek. Aansoeke sou alleen oorweeg word indien 'n leerling verder as drie myl van 'n goewermentskool woon, of indien die leerling standerd drie geslaag het en verder as drie myl van 'n skool woon wat voorsiening maak vir onderrig bokant standerd drie. 'n Vervoerbeurs sou/.......

1. T.O.D.-Rapport 1910, 3.
2. Id., 4.
3. Smutswet, artikel 6.
4. Onderwijs Wet, 1907, Instructies en Regulaties, artikel 54.
5. Id., artikel 66.
Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 1442 van 1909, Regulasie 11.

beurs sou nie 'n bedrag van 2/6 per week oorskry nie.

Losiesbeurse kon op dieselfde voorwaarde as vervoerbeurse toegeken word maar sou nie 'n bedrag van 5/- per week oorskry nie [1]. Studiebeurse kon aan hoërskoolleerlinge toegeken word [2].

Die beginsels vir die toekenning was dieselfde vir alle beurse en die nodige regulasies is aan skoolrade voorsien.

Die beheer en aanwending van beursgelde was, om verskillende redes, nie altyd so 'n eenvoudige taak nie en skoolrade moes hierdie fondse met oorleg bestee. Gewoonlik was daar meer aansoeke as beskikbare fondse en moes daar op taktvolle wyse gediskrimineer word. Daar moes ook beslis word tussen vervoer en losies as die mees ekonomiese faktor. Indien vervoer voorkeur sou geniet, moes bepaal word of vervoermiddels self aangeskaf of gehuur moes word [3].

Die keuse tussen vervoer en losies is deur geografiese omstandighede beslis. Ses myl is gewoonlik gereken as die maksimum afstand waarvoor vervoer geskik was. Met verloop van tyd het die aankoop van vervoermiddels voorkeur bo die huur daarvan begin geniet [4]. Gedurende hierdie tyd het die donkie dan ook 'n belangrike vervoermiddel vir skoolkinders geword.

### (6) <u>Die voorsiening en instandhouding van skole en skoolgeboue</u>.

Volgens artikel 59 van die onderwyswet sou 'n skoolraad die departement van advies bedien met betrekking tot die voorsiening van skole in sy distrik. Geen veranderinge met betrekking tot skole of skoolgeriewe sou aangebring word wat betref die stigting of sluiting van skole of verandering van standplaas sonder die aanbeveling van die betrokke skoolraad nie [5].

Alle aansoeke/....

1. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikels 63 - 65.
2. Id., artikel 70.
3. T.O.D.-Rapport, 1909 - 10, 34.
4. Id., 36.
5. Smutswet 1907, artikel 59.

Alle aansoeke betreffende die volgende sake moes aan die skoolraadsekretaris van die distrik gerig word: die oprig, koop, huur of enige ander wyse van inbesitname van skoolgeboue, onderwyserswonings, koshuise vir skoliere of van enige ander eiendom wat aan 'n skool behoort; die koop, huur of inbesitname van grond vir sodanige geboue of eiendomme; herstelwerk, veranderings of toevoegings aan skoolgeboue of daarby behorende eiendomme. Die raad het die bevoegdheid om enige aansoek om bogenoemde dienste van die hand te wys sonder om dit na die departement te verwys. In so 'n geval het die applikant die reg van beroep op die minister [1].

Voor 'n aansoek om die stigting van 'n nuwe skool goedgekeur kon word, moes die raad eers reëlings tref om sodanige skool vir ten minste twee jaar in gehuurde geboue te huisves, sodat vasgestel kon word of daar 'n blywende behoefte aan 'n skool is. Die raad moes verseker dat sodanige gehuurde gebou voldoen aan die vereistes van gesondheid, lig en ruimte soos neergelê [2].

Na die oprigting van 'n nuwe skoolgebou goedgekeur is, moes die raad die nodige state en inligting ten opsigte van die gebou en die aanvraag om die benodigde onderwysers aan die departement stuur. As algemene reël sou geld dat geboue slegs op goewermentseiendom opgerig word of op gehuurde eiendom vir 'n huurtermyn van nege-en-negentig jaar [3].

Aanbevelings vir die oprigting van staatskole en ander skole vir minder as 100 leerlinge kon ten alle tye aan die departement voorgelê word. 'n Bepaalde som geld, wat nie aan skoolrade beskikbaar gestel is nie, sou jaarliks afgesonder word vir die oprigting van hierdie geboue. Elke aanbeveling sou op eie meriete deur die departement behandel word.

Aanbevelings vir stads- en dorpskole vir meer as 100 leerlinge moes een maal per jaar, voor 'n bepaalde datum, aan die departement voorgelê word.

'n Volledige/......

1. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 16, 17.
2. Id., artikels 18 - 20.
3. Id., artikels 21 - 23.

'n Volledige lys van aansoeke is dan vir goedkeuring aan die Parlement voorgelê [1].

Skoolrade het dikwels gekla dat die prosedure om nuwe geboue goedgekeur te kry omslagtig en tydrowend is. Onnodige vertraging het ook plaasgevind met die oprigting van geboue, en soms was die oprigtingskoste buitensporig hoog [2].

Geboue vir plaasskole en ander skole vir minder as 100 kinders kon op een van twee maniere opgerig word. Ten eerste kon privaat-persone die geboue volgens voorgeskrewe of goedgekeurde planne oprig en dan aan die goewerment, onder sekere voorwaardes, verhuur; ten tweede kon die goewerneur die geboue self oprig, veral as die skool van permanente aard sou wees [3].

Die Departement van Publieke Werke het standaardplanne geteken vir verskillende groottes skole. Voor begin kon word met die bou van 'n skool, moes die voorgestelde plan eers aan die skoolraad voorgelê word, maar veranderinge van 'n ingrypende aard deur die skoolraad sou nie toegelaat word nie [4].

Dat die oprigting van geboue 'n saak van erns was vir die departement en die skoolrade, blyk daaruit dat gedurende die twee-en-'n-half jaar wat die skoolrade aan die roer van sake was, geboue ter waarde van £300,385 voltooi is en 'n aanvang gemaak is met geboue ter waarde van £320,068 [5].

Enige veranderinge aan of aanbouings by bestaande geboue wat 'n geraamde uitgawe van £100 oorskry, moes vooraf deur die departement goedgekeur word.

Aan die begin van elke boekjaar is 'n sekere bedrag aan elke raad toegesê met die oog op herstelwerk en veranderinge aan skoolgeboue. Rade kon op eie inisiatief, maar met sekere voorbehoude, hierdie instandhouding en uitbreidingswerk behartig en moes jaarliks 'n begro-/....

---

1. Onderwijs Wet, 1907, Instructies en Regulaties, artikel 25 - 26.
2. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 25.
3. Onderwijs Wet, 1907, Instructies en Regulaties, artikel 27.
4. Id., artikel 28.
5. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 27.

liks 'n begroting indien waarin die benodigde bedrae vir genoemde dienste uiteengesit word [1]. Gedurende die boekjaar 1908-9 is £9881 [2] en gedurende 1909-10 is £9,996 aan hierdie dienste bestee [3].

Fondse vir sanitêre en skoonmaakdoeleindes sou ook deur die rade beheer word. Rekenings vir uitgawes ten opsigte van sanitêre dienste moes deur die skoolraadsekretaris gesertifiseer en aan die departement voorgelê word vir uitbetaling. Vasgestelde skoonmaaktoelaes, bereken volgens die grootte van die gebou, sou aan die verantwoordelike onderwyser oorbetaal word. Jaarliks sou die totale bedrag aan rade toegewys word vir verspreiding [4].

Die direkteur van onderwys het die werk van skoolrade geloof en verklaar dat openbare geboue aan die einde van die dienstermyn van die skoolrade in 'n beter toestand was as aan die begin daarvan [5].

Toestemming tot die gebruik van skoolgeboue buite skoolure vir nie-skooldoeleindes, is deur die rade verleen en op baie doeltreffende wyse behartig [6].

(7) Gesubsidieerde plaasskole.

In terme van seksie 17 van die onderwyswet, kon geldelike toewysinge aan die bestuurders van sekere plaasskole gemaak word, mits die bestuurder, skoollokaal, skooltoerusting, onderwyser en leergange aan sekere voorwaardes voldoen het.

Die bestuurder moes die bewoner wees van die plaas waarop die skool gehou of gehou sou word en hy moes voorsiening maak vir sowel die huisvesting van die onderwysers as vir die skoolakkommodasie [7].

Die lokaal moes min of meer voldoen aan die vereistes wat van toepassing was op die geboue van goewermentskole. Skoolmeubels moes die nodige sit- en skryfruimte voorsien, soos vereis vir kinders van verskillende leeftye/.......

1. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikels 31 - 36.
2. T.O.D.-Rapport 1908 - 9, 15, 184.
3. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 252.
4. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikels 50 - 52.
5. Id., 29.
6. Ibid.
7. Id., artikels 107 - 108.

skillende leeftye. Skoolrade kon die nodige meubels aan hierdie skole leen en ook help met die voorsiening van die nodige boeke en skryfbehoeftes indien dit nie vir openbare skole benodig word nie [1].

Die bestuurder sou die onderwyser benoem onderhewig aan die goedkeuring van die direkteur van onderwys. Die onderwyser moes 'n getuigskrif van goeie sedelike gedrag en karakter besit en ook voldoende bewys aan die direkteur lewer dat hy die bekwaamheid besit om onderwys te gee, ooreenkomstig die eise van gewone laer onderwys. Geen onderwyser kon ontslaan word sonder toestemming van die skoolraad nie.

Die onderwys in die gesubsidieerde plaasskool moes in ooreenstemming met die kode van die openbare laerskool wees en moes ten minste lees, skryf en rekene insluit [2].

Subsidies sou op aanbeveling van die skoolraad aan plaasskole betaal word. Die aanbeveling van die raad sou onderhewig wees aan 'n gunstige rapport van die inspekteur van onderwys [3].

Die skoolraad moes bepaal of ouers, wie se kinders 'n gesubsidieerde plaasskool besoek, skoolgelde sou betaal of nie. Die bedrag of waarde sou deur die raad vasgestel word, maar 'n kind kon nie toelating tot die skool geweier word op grond van die onvermoë van die ouer om die nodige bydrae te lewer nie. Die middeletoets sou by die skoolraad berus [4].

Alle eise vir subsidie moes aan die skoolraadsekretaris gerig word. Die eise moes vergesel wees van die naam van die bestuurder, die naam en adres van die skool, die naam van die naaste goewermentskool, die afstand tussen die plaas- en goewermentskool, die lengte, breedte en hoogte van die skoollokaal, die grootte en aantal deure en vensters in die skoollokaal, die naam en geslag van die leerlinge, asook die naam,

geslag,/.......

1. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 110.
2. Id., artikel 111 - 112.
3. Id., artikel 113.
4. Id., artikel 114.

geslag, ouderdom en kwalifikasies van die onderwyser.

Die subsidie goedgekeur vir 1908, was ses pond in die geval van 'n gekwalifiseerde onderwyser en vier pond in die geval van 'n onderwyser met geen kwalifikasies nie. Die totale subsidie sou nie minder as vyftig pond en nie meer as negentig pond wees nie [1].

(8) <u>Skoolbenodigdhede en -toerusting</u>.

Skoolbenodigdhede en toerusting sluit in skoolmeubels, wat deur die rade uit hulle toewysing aangekoop word, skoolboeke en -behoeftes soos swartborde, esels en kaarte wat deur die departement per tender aangekoop word en dan per rekwisisie deur bemiddeling van die kringinspekteur aan skole voorsien word. Skoolboeke en -behoeftes het dus nie onder die beheer van skoolrade geval nie [2].

Skoolmeubels is in twee klasse verdeel, naamlik plaaslik vervaardigde artikels en ingevoerde artikels. Eersgenoemde is hoofsaaklik in plattelandse skole gebruik, terwyl die ingevoerde artikel vir dorp- en stadskole bedoel was. Hierdie beleid is toegepas om te bespaar. Volgens spesifikasies sou 'n plaaslik vervaardigde lessenaar 8 voet lank wees, terwyl enkel- en dubbelbanke ingevoer is [3].

Fondse is tot beskikking van rade gestel vir die herstel van skoolmeubels. Rade was ook verantwoordelik vir die behoorlike versorging en onderhoud van meubels. Behoorlike inventarisse moes in klaslokale gehou word, periodieke ondersoek moes deur 'n amptenaar van die raad ingestel word en alle ander maatreëls wat nodig was vir die versorging van meubels, moes getref word [4].

Gedurende die boekjaar 1908-1909 is £9592 [5] en gedurende 1909-1910 is £10,905 10s.. aan skoolrade beskikbaar gestel vir die aankoop en onderhoud van skoolmeubels/.......

---

1. Onderwijs Wet 1907, Regulaties en Instructies, artikels 118 - 119.
2. Id., artikels 37, 38.
3. Id., artikels 39 - 42.
4. Id., artikels 43 - 44.
5. T.O.D.-Rapport 1908 - 9, 14, 183.

skoolmeubels [1].

(9) Personeelvoorsiening, aanstelling, skorsing en ontslag van onderwysers.

(a) Personeelvoorsiening.

Die personeelvoorsiening by die verskillende grade van skole is deur regulasies neergelê. Die skoolrade was verantwoordelik vir die kontrole oor die personeel by skole, en die raad moes enige vermeerdering of vermindering van poste en ook die sluit of stig van nuwe skole by die departement aanbeveel [2].

By die vermeerdering van poste het skoolrade nie altyd gesonde oordeel aan die dag gelê nie, en dit het gebeur dat aanbevelings gemaak is sonder dat die rade die geldigheid van die skool se aanscek vasgestel het. Die direkteur van onderwys was dan ook van mening dat skoolrade meer oordeelkundig sou gehandel het indien hulle self die fondse vir salarisse moes vind [3].

Rade het ook dikwels gehuiwer om skole te sluit wanneer die gemiddelde inskrywing benede 25 gedaal het. Hulle het die voortbestaan van 'n skool aanbeveel met die hoop dat die skool weer sou groei en sodoende sy bestaan regverdig. Hierdie optrede het die departement genoop om strenger op te tree [4].

(b) Die aanstelling van onderwysers.

Seksies 78 - 81 van die wet het sekere magte in verband met die benoeming, die skorsing en die ontslag van onderwysers aan skoolrade gegee. Die direkteur van onderwys het hierdie funksies van die skoolrade as hulle belangrikste taak beskou [5].

Enige vakatures wat by 'n skool ontstaan het, hetsy deur die vermeerdering van personeel, die opening van 'n nuwe skool, die bedanking, skorsing of ontslag of afwesigheid/.....

---

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 252.
2. Id., 32.
3. Id., 33.
4. Ibid.
5. Id., 41. (Nederlandse Uitgawe).

of afwesigheid van 'n onderwyser, moes deur die skoolraad hanteer word, sodat die raad altyd op hoogte kon wees met die personeelbehoeftes van sy distrik. Die sekretaris van die skoolraad moes enige vakature, sodra dit ontstaan, op die voorgeskrewe vorms onder die aandag van die direkteur van onderwys bring [1].

Alle vakatures sou sowel in die Offisiële Gazette as in een Engelse en een Afrikaanse dagblad geadverteer word. Skoolrade en -komitees kon vakatures op eie koste, met inagneming van die voorwaardes soos neergelê vir die betrokke pos, in die openbare pers adverteer [2].

Applikante vir geadverteerde poste moes hulle aansoeke aan die skoolraadsekretaris rig en terselfdertyd die departement van hulle aansoeke in kennis stel. Volgens die instruksies van die departement moes elke skoolraad die nodige stappe doen om die wense van die skoolkomitee of beheerraad te verneem voordat 'n aanbeveling vir 'n benoeming aan die departement voorgelê word [3].

Die wyse waarop skoolrade die betrokke skoolkomitees geraadpleeg het, het verskil, maar die algemene prosedure was om 'n volledige lys van die name van applikante aan die komitees voor te lê, met 'n volledige verklaring van hulle kwalifikasies. Die komitees kon uit hierdie lys persone by die raad aanbeveel vir oorweging. Die finale verantwoordelikheid om 'n keuse te maak het egter by die skoolraad berus [4]. By die

nakoming/.......

1. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 138.
2. Id., artikel 141.
3. Id., artikel 143.
4. Id., artikel 78. Hierdie artikel lui dat die skoolraad moet handel "zoverre als mogelik is, na beraadslaging met en op aanbeveling van de kommissie". Die woorde "zoverre als mogelik" gee die raad finale diskresie. Uitspraak van J. E. Adamson in sy rapport 1909 - 10. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 42 (Nederlandse Uitgawe). Debatten van de Tweede Zitting van de Wetgewende Vergadering van de Transvaal, 1908, 1395. By die skool te Middelburg, Transvaal, het die aanbevelings van die skoolkomitee en skoolraad vir die hoofpos verskil en die direkteur van onderwys het die aanbeveling van die skoolraad goedgekeur.

nakoming van hierdie verantwoordelikheid het die rade nie altyd op dieselfde wyse opgetree nie - sommige het sonder meer die aanbeveling van die skoolkomitee geëndosseer, ander weer het tot die ander uiterste gegaan. Volgens die direkteur van onderwys het die meeste rade egter nie versuim om die aanbeveling van die komitees noukeurig na te gaan nie en ook nie gehuiwer om die aanbeveling ter syde te stel indien hulle gereken het dat dit nie in belang van die kinders van die skool was nie [1].

Die raad moes saam met elke aanbeveling 'n volledige lys van die name van applikante aan die departement stuur, asook die name en adresse van die applikante wat benoem moes word. Indien daar meer as een kandidaat aanbeveel is, moes die name in orde van die raad se voorkeur vermeld word. In alle gevalle, waar beskikbaar, moes die aanbeveling van die skoolkomitee of beheerraad saamgestuur word [2].

Indien die direkteur van onderwys nie bereid is om die onderwyser wat deur die raad aanbeveel is te benoem nie, kon hy die aanbevelings vir heroorweging terugverwys. As die raad nie bereid was om die aanbevelings te wysig nie, of indien die direkteur van onderwys nie bereid was om die nuwe aanbeveling goed te keur nie, moes hy die saak na die Onderwysraad verwys. Hierdie raad moes dan in terme van artikel 8(d) van die onderwyswet 'n aanbeveling maak by die minister van onderwys, wie se beslissing finaal sou wees [3]. Die skoolrade het hulle funksies só doeltreffend vervul dat daar slegs enkele gevalle na die Onderwysraad verwys is [4].

Aanstellingsbriewe is deur die departement self aan suksesvolle applikante gestuur. Enige vakature wat ontstaan het as gevolg van die verplasing van 'n onderwyser, is onmiddellik op die gewone wyse geadverteer en die skoolkomitee of beheerraad het kennis

ontvang/.......

---

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 43 (Nederlandse Uitgawe).
2. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 144.
3. Id., artikel 145.
4. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 43 (Nederlandse Uitgawe).

ontvang dat 'n vakature ontstaan het [1].

In gevalle waar poste om een of ander rede vakant geraak het, het die direkteur van onderwys die reg gehad om iemand te benoem om die vakature tydelik te vul. Wanneer applikasies ingewag is vir die permanente vulling van die pos, kon die tydelik benoemde onderwyser ook die reg hê om aansoek te doen [2].

Dit sou die taak van die sekretaris van die skoolraad wees om die departement op hoogte te hou van alle gevalle waar onderwysers diens aanvaar het in 'n nuwe betrekking, sodat salarisreëlings getref kon word. Wanneer 'n onderwyser weens siekte of enige ander rede afwesig was, moes die skoolraadsekretaris die departement daarvan in kennis stel [3].

Van skoolrade, beheerrade en skoolkomitees is verwag om nie in die weg van onderwysers te staan indien hulle bevorder kon word nie [4].

Die direkteur van onderwys het 'n ernstige leemte in die stelsel van benoeming van onderwysers gesien. Die toepassing van artikel 78 van die wet maak promosie heeltemal toevallig, en daar is niks om te verseker dat senioriteit, kwalifikasies en diens in Transvaalse skole die applikant voorrang sou gee by die benoeming in 'n promosiepos nie. Daar is slegs 'n regulasie wat bepaal dat, indien ander kwalifikasies van applikante gelyk is, dan sou diens in Transvaalse skole sodanige kandidaat voorrang gee bo kandidate wat elders in diens was. Dit sou in elk geval, veral vir skoolrade, moeilik wees om vas te stel wanneer "ander kwalifikasies" gelyk is. Die direkteur van onderwys was die mening toegedaan dat hierdie artikel in die wet geamendeer moes word sodat "een systematies schema van promotie" verkry kon word [5].

### (c) <u>Die skorsing en ontslag van onderwysers</u>.

Artikel/.......

---

1. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 146.
2. Id., artikel 147.
3. Id., artikels 150 - 151.
4. Id., artikel 146.
5. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 43, 45 (Nederlandse Uitgawe).

Artikel 80 van die onderwyswet bepaal dat enige skoolraad, beheerraad of skoolkomitee 'n onderwyser kan skors indien 'n skriftelike klag, behoorlik onderteken, in verband met onsedelike gedrag of drankmisbruik, deur 'n inspekteur van onderwys of ten minste twee ander persone teen hom ingedien word [1]. In so 'n geval moes die direkteur van onderwys onmiddellik van hierdie stap in kennis gestel word. Sodra die saak onder die aandag van die direkteur kom, sou hy daaroor beslis [2]. Skoolkomitees het nie van hulle magte om onderwysers te skors misbruik gemaak nie [3].

Wanneer beswaar deur 'n skoolkomitee, beheerraad of skoolraad teen 'n onderwyser ingedien is, moes die skoolraad sodanige beswaar skriftelik aan die onderwyser stuur, met die versoek dat hy die nodige verdediging of verklaring aan die raad moes voorlê. Na oorweging van die antwoord, of na afloop van die tydperk waarin die inligting verstrek moes word, kon die raad dan besluit dat daar geen verdere stappe geneem gaan word nie en moes hy die beheerraad of skoolkomitee daarvan in kennis stel, óf anders die ontslag van die onderwyser by die direkteur van onderwys aanbeveel [4].

Wanneer die ontslag van 'n onderwyser aanbeveel is, moes die skoolraad 'n volledige rapport saam met sy aanbeveling aan die direkteur stuur, met besonderhede van die opsigte waarin die aangeklaagde die bepalings van die onderwyswet nie uitgevoer het nie. Waar die direkteur nie saamgestem het met die aanbeveling van die raad nie, moes hy die saak na die Onderwysraad verwys vir 'n aanbeveling deur die minister van onderwys. Indien die direkteur die aanbeveling van die raad goedgekeur het, is die onderwyser daarvan in kennis gestel en sy dienste beëindig op 'n wyse soos deur die direkteur goedgekeur [5].

Waar 'n inspekteur van onderwys 'n swak rapport oor die werk van 'n onderwyser gelewer het, kon die ontslag van so 'n onderwyser deur die skoolraad aanbeveel word.

Die prosedure/.......

1. Smutswet, artikel 80.
2. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 159 (b) (1).
3. T.O.D.-Rapport 1909-10, 45 (Nederlandse Uitgawe).
4. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 159 (b) (2).
5. Id., artikel 159 (c) (2-4).

Die prosedure sou dan dieselfde wees as dié hierbo uiteengesit [1].

Slegs enkele gevalle is deur rade by die direkteur van onderwys vir ontslag aanbeveel. Daar was gevalle waar die rade die verplasing van onderwysers aanbeveel het vanweë hulle algemene ongeskiktheid vir die poste waarin hulle was. Hierdie oorplasings het moeilikhede opgelewer, want 'n permanente onderwyser kon nie in dieselfde hoedanigheid oorgeplaas word, alvorens die skoolraad waarheen die oorplasing sou plaasvind die permanente benoeming van die onderwyser by die direkteur aanbeveel het nie. In sommige gevalle was die direkteur genoodsaak om 'n onderwyser aan te raai om vir 'n ander pos aansoek te doen, aangesien so 'n verandering in belang van die skool sou wees [2].

Omdat die ouerseggenskap by die benoeming van die onderwyser die kernvraagstuk is, is daar volledig ingegaan op die prosedure by die aanstelling en ontslag van die onderwyser. Dit is duidelik dat die skoolraad slegs adviserende magte gehad het met betrekking tot die aanstelling en ontslag van 'n onderwyser. Die finale beslissing het by die direkteur van onderwys berus. Indien die direkteur en die skoolraad nie tot 'n vergelyk kon kom nie, is die aangeleentheid na die Onderwysraad en die minister van onderwys vir finale afhandeling verwys. In die praktyk het dit gelukkig nie dikwels gebeur dat die direkteur afgewyk het van die aanbevelings van die skoolrade nie. Gedurende die laaste diensjaar van die eerste skoolrade is daar nie 'n enkele geval na die Onderwysraad verwys nie [3].

Die skoolraad moes die skoolkomitees en beheerrade raadpleeg voor 'n aanbeveling by die direkteur gemaak kon word. Daar was geen regulasie wat die skoolraad in die geringste mate gebind het om die advies van die plaaslike ouerliggaam te aanvaar nie. Die ouers,

wat direkte/.......

1. Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 159 (d) (1-4).

2. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 45 (Nederlandse Uitgawe).

3. Id., 10 (Nederlandse Uitgawe).

wat direkte belang by die aanstelling van die onderwyser gehad het, het minder seggenskap gehad as die lede van die skoolraad, wat verteenwoordigers was van die distrik. Dit is moeilik om vas te stel in watter mate die keuse van die ouers vir die skoolrade aanneemlik was. Volgens die direkteur van onderwys was daar sommige rade wat die neiging getoon het om die aanbevelings van die skoolkomitees ter syde te stel, andere wat die aanbevelings net so aanvaar het en dié wat oor die algemeen 'n deeglike ondersoek ingestel het maar tog nie gehuiwer het om die keuse van die skoolkomitees te ignoreer nie. Hieruit moet afgelei word dat, alhoewel nie algemene gebruik nie, dit tog meermale gebeur het dat die ouers se stem op dowe ore geval het.

Die strewe van die plattelandse skoolrade was inderdaad om toe te sien dat veral tweetalige onderwysers aanbeveel word vir aanstelling in hulle distrikte [1]. In enkele gevalle is daar ook gepoog om eentalige Engelssprekende onderwysers te verplaas [2].

(10) Segregasie van blank en gekleurd in openbare skole.

Artikel 29 van die onderwyswet bepaal dat geen gekleurde tot blanke skole toegelaat sal word nie en dat dit die verantwoordelikheid van die skoolraad of beheerraad sal wees om toe te sien dat hierdie bepaling uitgevoer word [3].

Van al die baie pligte wat die plaaslike skoolbesture moes vervul, is hierdie een van die weinige verantwoordelikhede waar die besluit van die bestuur finaal sou wees. Vir skoolrade was dit 'n lastige en kontensieuse taak om te vervul, en daar was ook 'n mate van ontevredenheid omdat die volle verantwoordelikheid op hulle skouers geplaas is. Die standpunt van die owerheid was dat daar geen algemeen geldende reël neergelê kon word nie en dat die beslissing gebaseer

moes word/.......

---

1. T.O.D.-Rapport 1907 - 8, 16.
2. Snyman: 'n Geskiedenis van die Onderwys van Blankes op Christiana en Omstreke, 47 - 48.
3. Smutswet, artikel 29.

moes word op 'n waargenome feit in plaas van 'n afgeleide beginsel. Die departement het so ver gegaan om te beslis dat, as daar twyfel bestaan, die kind die voordeel van die twyfel moes geniet [1].

Die eerste skoolrade onder die Smutswet het duidelik getoon dat dit hulle eer was om die beginsel van segregasie te handhaaf. Dit was veral die skoolrade van Pretoria en die Witwatersrand wat hierdie probleem die hoof moes bied, en hulle het nie teruggedeins vir hulle taak nie. Gevalle wat by hulle aangemeld is, is op lofwaardige wyse en sonder vooroordeel afgehandel [2].

(11) <u>Uitvoering van die Taalbepalings van die Wet [3].</u>

In die laer standerds van enige openbare skool sou die medium van onderrig die moedertaal van die kind wees. Die moedertaal moes gebruik word totdat die kind behoorlike opvoedkundige vordering en ontwikkeling kon maak. Waar die moedertaal nie Engels was nie, sou Engels as voertaal geleidelik ingevoer word, en na voltooiïng van die standerd drie-kursus sou dit uitsluitlik gebruik word [4].

Die wet maak voorsiening vir die onderrig van die Hollandse taal aan alle leerlinge na standerd drie, behalwe as ouers dit anders verkies. Om die doeltreffende onderrig van Hollands te bevorder, kon die direkteur van onderwys, op aanbeveling van die skoolraad, die onderrig van twee vakke na standerd drie deur medium van Hollands goedkeur [5].

Enige probleme in verband met die medium van onderrig in 'n openbare skool sou aan die skoolraad of beheerraad voorgelê word vir oorweging en beslissing, met die reg van appél na die minister van onderwys [6].

Dit skyn asof skoolrade nie duidelikheid gehad het in verband /....

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 49 (Nederlandse Uitgawe).
2. Ibid.
3. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 309 van 1909, kondig die regulasies vir laer en sekondêre onderwys, waarin ook die taalbepalings vervat is, aan.
4. Smutswet. 1907, artikel 30.
5. Id., artikel 32.
6. Id., artikel 33.

in verband met hulle magte nie. In 'n paar gevalle naby die Witwatersrand het skoolkomitees, waar die leerlinge oorwegend Hollandssprekend was, by die skoolraad aansoek gedoen om die skole as Engelsmediumskole te verklaar. Die aansoeke is deur die skoolraad toegestaan sonder inagneming van die feit dat die medium van onderrig tot standerd drie die moedertaal moes wees [1].

(12) Finansies.

Aangesien die finansiële aspekte van die skoolrade se verpligtinge reeds onder die verskillende hoofpunte aangeroer is, word hier slegs 'n samevattende oorsig daarvan gegee.

Die onderwyswet het voorsiening gemaak vir sekere toewysings wat aan skoolrade uitbetaal is en waarvoor hulle volle verantwoordelikheid moes aanvaar, dit wil sê, waaroor hulle direkte beheer moes uitoefen. Hierdie toewysings moes aangewend word vir herstelwerk en onderhoud van skoolgeboue en terreine, skoolmeubels en toerusting, beurse aan buiteskole, die skoonmaak van geboue en ander diverse benodigdhede [2].

Die ondervinding van die eerste agtien maande van die werk van skoolrade het aan die lig gebring dat daar sekere nadele verbonde was aan die desentralisasie van fondse. In baie gevalle was skoolraadsekretarisse onbekend met die offisiële prosedure en het onreëlmatighede plaasgevind, soos uitgawes vir dienste wat nie onder 'n sekere toewysing geressorteer het nie, oorskryding van 'n toewysing en verkeerde vertolking van regulasies. Aan die einde van die agtien maande is die beleid afgeskaf dat skoolrade hulle eie bankrekening kon hou.

Vanaf die begin van die boekjaar 1909 - 10 is rade gemagtig om, tot 'n sekere bedrag, uitgawes aan te gaan. Alle rekenings, korrek gesertifiseer, moes dan aan die departement vir uitbetaling voorgelê word. Hierdie verandering was gemik op deeglikheid en eenvoudigheid en het nie die direkte kontrole deur die rade beïnvloed nie./.......

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 63.
2. Smutswet, artikel 62.
Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 185.

vloed nie [1]. Op hierdie wyse is £43,686 gedurende die boekjaar eindigende 30 Junie 1910 deur skoolrade bestee [2].

Die skoolrade het ook indirekte verantwoordelikheid gehad ten opsigte van die gelde betrokke by die oprigting van skoolgeboue, ten opsigte van die personeelvoorsiening by skole en die sluiting van skole. Alhoewel die goedkeuring van die departement nodig was vir elke saak onder bogenoemde drie hoofde, het die aanbevelings van die skoolrade groot gewig gedra [3].

Volgens die direkteur van onderwys het die skoolrade oor die algemeen goeie beheer uitgeoefen oor die gelde wat direk aan hulle toevertrou was. In sommige opsigte kon hulle versigtiger gewees het met die aanbeveling van addisionele onderwysers [4].

(13) Die verhouding tussen skoolrade en inspekteurs van onderwys.

Die doeltreffende funksionering van skoolrade het die administratiewe pligte van inspekteurs van onderwys aansienlik verlig en die inspektoraat het die instelling van skoolrade verwelkom [5].

In 'n omsendbrief het die direkteur van onderwys die inspekteurs as raadgewers by die skoolrade aanbeveel. 'n Goeie onderlinge verhouding moes gekweek word, en al sou dit nie vir die inspekteurs moontlik wees om al die raadsvergaderings by te woon nie, kon informele samesprekings altyd plaasvind [6].

Uit die verskillende verslae van inspekteurs van onderwys blyk dit baie duidelik dat daar in die meeste gevalle besonder aangename samewerking was [7]. Slegs in enkele gevalle is daarvan melding gemaak dat die

noue kontak/.....

---

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 37.
   Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 1257 van 1909 kanselleer artikels 184 tot 203 van die Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties en vervang dit deur twee nuwe regulasies.
2. Id., 34.
3. Ibid.
4. Id., 41.
5. T.O.D.-Rapport 1906 - 7, 43.
6. T.O.D.-Rapport 1907 - 8, 13.
7. T.O.D.-Rapport 1906 - 7, 74. Inspekteur N. Hofmeyr.
   T.O.D.-Rapport 1909, 85. Inspekteur J.P.Botha.
   T.O.D.-Rapport 1910, 161. Inspekteur F. H. Thompson.

noue kontak met die rade ontbreek [1].

(14) Baanbrekerswerk deur die eerste skoolrade onder die Smutswet.

Uit 'n oorsig oor die nakoming van die veelvuldige pligte van die eerste skoolrade, kan met reg afgelei word dat hulle baanbrekerswerk verrig het.

Die moeilikste taak wat die liggame gehad het, was om hulself te oriënteer ten opsigte van die bepalings van die nuwe wet en die daaruit voortvloeiende regulasies en voorskrifte. Daar moet dan ook verwag word dat skoolrade in sommige opsigte hulle magte oorskry het.

Om aan te toon hoe die rade na hulle weg gevoel het, word 'n paar gevalle deur die direkteur van onderwys in sy jaarverslag genoem. 'n Sekere skoolraad het 'n opdrag aan alle onderwysers in sy distrik uitgereik dat, indien hulle nie voor 'n sekere datum in besit is van 'n professionele sertifikaat nie, hulle ontslaan sou word. 'n Ander raad het 'n aanbeveling van 'n skoolkomitee goedgekeur om handearbeid en tekene uit die leerplan weg te laat, om sodoende meer tyd vir die onderrig van lees, skryf en rekene te kry. 'n Geval is ook bekend waar 'n raad probeer het om hom, sonder grondige opvoedkundige motiewe, met 'n hoofonderwyser te bemoei [2].

Gesien teen die agtergrond van die groot werk wat deur die skoolrade gedoen is, kan bogenoemde oortredinge as minder belangrik beskou word en geïnterpreteer word as aanpassing by nuwe omstandighede.

b. Die plek van die skoolraad in die onderwys van Transvaal.

Die direkteur van onderwys, J. E. Adamson, het in sy jaarverslag van 1909 - 10 'n beskrywing gegee van die verhouding waarin die skoolrade tot die sentrale departement staan.

In ander onderwysstelsels is die skoolraad gewoonlik 'n onafhanklike liggaam, wat self fondse insamel, toelaes/......

1. T.O.D.-Rapport 1907 - 8, 50, 64. Inspekteurs J. D. Kerrich en C. Mansfield.

2. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 20.

mel, toelaes ontvang, onderwysfasiliteite voorsien en sy eie onderwysers benoem. Die verhouding van die sentrale departement tot so ŉ skoolraad is uitwendig van aard. Die sentrale departement stel sekere voorwaardes wat betref die aard van geboue, die aantal en bevoegdhede van die onderwyspersoneel en die wyse en omvang van die opleiding waarin skole moet voorsien, en laat dit aan die plaaslike gesag oor om aan die voorwaardes te voldoen. Die wese van die verhouding is dié wat bestaan tussen twee liggame wat verantwoordelik is vir die vervulling van die plaaslike en staatsfunksies respektiewelik. Dit is die posisie in die Kaapkolonie, Engeland en Skotland [1].

Die posisie is anders in Transvaal. Hier is dit eerder ŉ eenheid as ŉ tweeledigheid wat die grondbestanddeel van die verhouding uitmaak. Die sentrale departement en die plaaslike raad is eerder een as twee, die raad is die plaaslike agent van die departement, die rade beweeg op die omtrek en die departement setel in die sentrum. Die rade stel ondersoek in na die plaaslike behoeftes en adviseer die departement hoe die beste daarin voorsien kan word. In sekere sake, aldus die direkteur van onderwys, kan die raad feitlik na willekeur handel [2]. Die opening van ŉ skool, die plek waar die skool sal staan, die meubilering, die hulp wat gegee word aan arm ouers wat meer as drie myl van die skool woon, die mate van dwang wat hulle oor nalatige ouers mag uitoefen, die keuse van die onderwyspersoneel, is almal sake waaroor ŉ raad, binne sekere voor die hand liggende beperkings, sowel finansieel as opvoedkundig byna na willekeur kan optree. Die raad is egter van die sentrale departement afhanklik vir die uitvoering van sy wense, en hierdie kenmerkende eienskap is die logiese gevolg van die feit dat al die gelde deur die sentrale skatkis verskaf word. "De laatste kontrole berust noodwendig bij de beurs" [3].

Dit is duidelik dat dié verhouding van ŉ baie delikate aard/.....

---

1. T.O.D.-Rapport, 1909 - 10, 13.
2. Ibid.
3. Id., 14.

likate aard was en dat dit maklik wrywing kon veroorsaak. Die stelsel is tot stand gebring as 'n vreedsame skikking tussen twee alternatiewe waarvan nie een by die materiële toestand van die land of by die aard van die volk sou aanpas nie. Een van die twee alternatiewe is die hoogs gesentraliseerde burokratiese beheer en die ander is die verantwoordelike raad wat sy eie wette maak, met die sentrale departement as inspekteur en kritikus. kragtens toelaes wat hy aan die raad toeken.

Eersgenoemde alternatief is vreemd aan die volksaard en sou nooit deur die volk geduld word nie, en die tweede was op daardie tydstip nie aanneemlik nie omdat die materiële welvaart van die land oneweredig versprei was. Die Sentrale-Rand, byvoorbeeld, sou maklik sy eie skole kon oprig en onderhou, terwyl Waterberg dit moeilik sou vind. Finansiële hulp wat volgens tarief verskaf word, sou die onderwys in 'n plaaslike atmosfeer bring. 'n Verdeelde beheer maak dit moeilik om 'n nasionale onderwysstelsel te handhaaf. Staatsonderwysers, en hulle is die hoofsaak van 'n nasionale stelsel, moet uit staatsfondse betaal word [1)].

Die direkteur sien die eenheid van die onderwysadministrasie in omvang vergroot. Hiervoor is daar drie redes. In die eerste plek was dit moontlik om deur die verkryging van fondse die ongelykheid van onderwysaangeleenthede uit die weg te ruim: 'n arm distrik kon net so 'n goeie skool hê as 'n welvarende distrik. In die tweede plek het die oortuiging dat onderwys so 'n lewendige funksie het dat dit nie aan die gevaar van plaaslike kleingeestigheid en vooroordeel onderwerp mag word nie, baie sterk gegroei. Die derde rede sluit aan by die tweede, naamlik dat in die groter ruimte-eenheid daar moontlik beter persone te vinde is om die onderwysoutoriteit te vorm.

Ten slotte dien daarop gelet te word dat, hoe groter die administratiewe en verantwoordelike eenheid word, hoe meer die verantwoordelike outoriteit genoodsaak word om hom op die plaaslike advies met betrekking tot besonderhede te verlaat. Dit is dan die posisie in

Transvaal,/......

---

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 14 en 15.

Transvaal, wat hand aan hand gaan met die modernste ontwikkeling op die gebied van onderwysadministrasie [1].

c. Skoolkomitees.

(1) Regulasies en reëlings in verband met skoolkomiteeverkiesings.

Artikel 90 (1) (j) van die Smutswet verleen aan die minister van onderwys die reg om regulasies te skep wat die verkiesing van skoolkomitees sou beheer. Op 2 April 1908 is hierdie regulasies as goewermentskennisgewing nommer 339 van 1908 gepubliseer.

Elke skoolraad sou so gou moontlik na 31 Maart 1908, in terme van artikel 67 (1) van die onderwyswet, bepaal hoeveel lede elke skoolkomitee in sy distrik sou hê. Daarna moes elke raad die nodige reëlings tref vir die verkiesing van die skoolkomitees tussen 1 April 1908 en 30 Junie 1908, met die verstandhouding dat die sekretaris van die raad die uitslae van die verkiesing nie later as 30 Junie 1908 aan die direkteur van onderwys sou pos nie.

Elke skoolraad moes 'n aantal geskikte persone benoem om as kiesbeamptes op te tree. Uit verslae van skoolkomiteeverkiesings blyk dat raadslede self, of, andersins die hoofde van skole, opgetree het as voorsittende beamptes [2].

Die kiesbeampte moes ten minste veertien dae voor die tyd in 'n koerant of deur bemiddeling van die skoolhoof kennis gee van 'n vergadering van ouers om 'n skoolkomitee te kies. Die kennisgewing moes die naam van die persoon vermeld by wie die nomisasievorms verkry kon word. Op die vergadering moes die voorsittende beampte skriftelike nominasies vra, behoorlik geteken deur twee persone en ook deur die genomineerde, waarin laasgenoemde moes verklaar dat hy gewillig is om onder die voorgeskrewe voorwaardes te dien.

Indien die getal genomineerdes minder sou wees as die aantal lede wat verkies moes word, moes die saak na die skoolraad verwys word vir beslissing. Die

skoolraad/.......

---

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 16.
2. De Volkstem, 23.6.08, 3.7.08.
The Star, 11.5.08, 28.5.08.

skoolraad kon besluit om weer 'n ouervergadering te belê, óf om self die skool te bestuur. As daar net genoeg lede genomineer is, kon die kiesbeampte die voorgestelde lede as verkose verklaar, maar indien daar meer nominasies sou wees, moes die voorsitter 'n stemming reël op 'n wyse soos hy goed dink.

Na die verkiesing moes die kiesbeampte die plek, tyd en datum vir die eerste vergadering bepaal. Sodra die komitee behoorlik gekonstitueer is, moes die voorsittende beampte die name van die lede aan die sekretaris van die skoolraad stuur vir kennisname deur die raad en vir deursending aan die departement.

Die verkiesing van skoolkomitees het oor die algemeen vlot verloop. Die skoolraad van Pretoria meld dat daar vir sommige skoolkomitees nie genoeg nominasies ontvang is nie en dat die raad moes besluit of hulle self die skole gaan bestuur of nie [1]. By die Sunnysideskool het die kiesbeampte beslis dat slegs ouers van skoolgaande kinders genomineer kon word. Beswaar is hierteen aangeteken en die saak is deur die minister van onderwys teen die beslissing van die skoolraad uitgewys. Die skoolraad wou hom nie by laasgenoemde beslissing neerlê nie, en die Hoërhof het uiteindelik die saak met koste teen die skoolraad beslis [2]. Die skoolraad was genoodsaak om by bogenoemde skool en ook ander skole wat deur hierdie beslissing geraak is, herverkiesings te hou.

Waar ander skoolrade, sover vasgestel kan word, aan alle ouers van skoolgaande kinders die geleentheid gebied het om skoolkomitees te kies, het die Oos-Randse skoolraad besluit dat, indien ouers daarom vra, alleen vir graad drie-skole en hoër, skoolkomitees gekies sal word [3]. Dit beteken dat die raad die kleiner skole self sou beheer tensy die ouers kragtens artikel 68 (2) vir 'n skoolkomitee vra.

Die belangstelling van die ouers by die verkiesing van skoolkomitees/......

1. De Volkstem, 2.6.08.
2. The Star, 2.6.08.
   De Volkstem, 29.9.08.
3. The Star, 25.4.08.

van skoolkomitees het gewissel. By sommige was dit besonder goed [1] terwyl dit by ander skole swak en selfs betreurenswaardig was [2].

(2) Die magte en pligte van skoolkomitees.

Artikel 71 van die onderwyswet vat die magte en pligte van skoolkomitees onder vier hoofde saam.

(a) Paragraaf (1) van artikel 71 eis toesig oor die welsyn en doeltreffendheid van die skool. Dit is 'n baie vae uitdrukking, wat aanleiding kan gee tot uiteenlopende vertolkings. Vir die ouer wat opgegroei het met die beginsels van C.N.O., kon hierdie bepaling 'n struikelblok wees, want die magte van die skoolkomitee is nie afgebaken nie [3].

(b) Paragraaf (2) van artikel 71 bepaal dat die skoolkomitee die nodige stappe moet doen om toe te sien dat die skoolgebou en terrein in goeie toestand verkeer. Dit is dan die plig van die skoolkomitee om alle sake wat betrekking het op die verbetering en instandhouding van geboue, meubels, uitrusting en terrein, onder die aandag van die skoolraad te bring.

(c) Die derde paragraaf van die onderhawige artikel bepaal dat die skoolkomitee sodanige aandeel aan die aanstelling, skorsing en ontslag van onderwysers mag neem as wat deur die wet neergelê is.

Wanneer 'n pos aan 'n skool gevul moes word, het die skoolkomitee van die skoolraad die nodige besonderhede van/.......

---

1. De Volkstem, 12.6.08: Tweefontein 52 (Pretoria). By die vergadering was slegs 3 ouers afwesig. Id., 3.7.08: Zeerust Goewermentskool. 90 persone, van wie 65 stemgeregtig was, woon die vergadering by.
2. Id., 23.6.08: Potgietersrust Goewermentskool. Id., 7.7.08: Piet Retief Goewermentskool. Die verslag lui: "en is het dus werkelik betreurenswaardig te zien hoe min belang er in de zaak van het onderwijs betoond word". Hier het tien ouers die vergadering bygewoon, waaruit sewe lede vir die skoolkomitee verkies moes word.
3. Id., 3.11.08: Skoolkomitee van die Haenertsburgskool behandel 'n brief van die sekretaris van onderwys oor die magte van skoolkomitees.

hede van die applikante ontvang, waaruit die komitee 'n keuse kon maak en die naam aan die skoolraad voorlê. Die skoolraad moes dan op sy beurt die aansoeke oorweeg en dan 'n aanbeveling, asook die aanbeveling van die skoolkomitee, stuur aan die direkteur van onderwys, by wie die finale beslissing berus het [1].

'n Komitee kon 'n onderwyser op grond van onsedelike gedrag of gewoonte-dronkenskap tydelik skors, indien 'n skriftelike klag deur 'n inspekteur van onderwys of deur enige ander twee persone by hom ingedien word. Die skorsing moes onmiddellik onder die aandag van die direkteur van onderwys gebring word [2]. 'n Skoolkomitee het dan ook die reg gehad om 'n klag wat kon lei tot die ontslag van 'n onderwyser, by die skoolraad aanhangig te maak [3].

Die benoeming en ontslag van die onderwyser is 'n saak wat baie na aan die hart van die Afrikaner-ouer gelê het. Die erkenning wat die aanbeveling van die skoolkomitee by die hoër instansies sou geniet, sou in 'n groot mate die tevredenheid van die ouers met die nuwe onderwyswet bepaal. Die invloed van die skoolkomitees geniet later weer die aandag.

(d) Die vierde paragraaf omvat alle ander magte en pligte wat die skoolraad aan die komitee mag opdra. Ook hierdie bepaling is baie breed gestel. Hieronder kan onder andere genoem word die toesig oor die vervoermiddels wat aan ouers voorsien word.

Uit die bepalings van artikel 71, soos hierbo uiteengesit, en artikel 72, wat lui dat die skoolkomitees met die skoolrade moes onderhandel en nie direk met die departement van onderwys nie, blyk dit dus duidelik dat skoolkomitees slegs adviserende liggame was. Uit verslae in die openbare pers spreek dit ook dat skoolkomitees voortdurend die skoolrade van advies bedien het en in belang van hulle eie skole veel gedoen het.

Die belangrikste/.......

---

1. Smutswet, artikel 78.
   Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 14.
2. Smutswet, artikel 80.
3. Id., artikel 81.

Die belangrikste funksie van die skoolkomitees was om deel te neem aan die benoeming van onderwysers [1]. Dit was dan ook hier waar die skoolrade dikwels nie met die skoolkomitees se aanbevelings saamgestem het nie [2]. Die aanbeveling van die skoolraad is gewoonlik deur die direkteur van onderwys goedgekeur, 'n feit wat aanleiding gegee het tot groot ontevredenheid en selfs daartoe gelei het dat skoolkomitees bedank het [3].

Die skoolkomitees van plattelandse skole het dikwels gekla oor die onbevoegdheid van onderwysers om deur medium Hollands onderwys te gee. By die aanbevelings vir die aanstelling van nuwe onderwysers is deeglik rekening gehou met die taalbevoegdheid en is voorkeur gegee aan tweetalige applikante [4].

Gevalle is ook bekend waar skoolkomitees by die skoolraad klagtes teen onderwysers ingedien het. Die skoolrade het ondersoek ingestel en, ooreenkomstig die bepalings van die wet, afskrifte van die klagtes aan die onderwysers gestuur en gevra dat hulle hulle verdediging aan die raad sal voorlê [5].

Skoolkomitees het aanbevelings by skoolrade ingedien in verband met 'n groot verskeidenheid van sake wat die welsyn en belange van skole geraak het. So het hierdie plaaslike besture saamgewerk in verband met die toekenning van beurse [6], die sentralisasie van kleiner skole [7], taalbepalings [8], skoolbesoek [9], verbetering van bestaande geboue en oprigting van

nuwe/.......

1. De Volkstem, 15.3.08, 5.10.09.
2. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 17.
3. De Volkstem, 25.5.08, 12.6.08, 21.9.08, 11.12.08, 1.10.09.
   The Star, 19.5.08.
4. The Star, 27.4.08.
   De Volkstem, 17.1.08, 21.9.08.
   T.O.D.-Rapport 1908 - 9, 19.
   Snyman: 'n Geskiedenis van die Onderwys van Blankes op Christiana en omstreke, 48.
5. De Volkstem, 20.8.08. Gevalle te Buffelspoort -, Lindleyspoort- en Koperfonteinskool.
   The Star, 29.4.08.
6. De Volkstem, 21.1.08, 15.5.08, 3.11.08, 23.6.08. 28.9.08.
7. De Volkstem, 11.12.08.
8. The Star, 9.5.08, 19.6.08.
   De Volkstem, 1.5.08.
   Snyman: a.w., 52.
9. De Volkstem, 23.6.08, 3.11.08, 12.3.09.

nuwe geboue [1], terreinverbeterings [2], stigting van nuwe skole [3], die welsyn van die leerlinge [4] en beter toerusting vir skole [5]. Klagtes dat skoolkomitees nie genoeg magte het nie, is ook geopper [6]. Op 'n gesamentlike vergadering van afgevaardigdes van skoolkomitees in Pretoria en voorstede, is verklaar dat onderwysers in opstand kom teen skoolkomitees. Die doel van bogenoemde vergadering was dan ook om 'n sentrale komitee, waarop alle skoolkomitees verteenwoordig sou wees, te kies om gesamentlik by skoolrade op te tree [7].

(3) <u>Die invloed van skoolkomitees in die plaaslike bestuur van skole</u>.

Aangesien skoolkomitees slegs adviserende liggame was, sou hulle invloed as plaaslike bestuursliggame afhanklik wees van hulle goeie verhouding met die hoër instansies.

Die skoolraad moes oor al die aanbevelings van die skoolkomitees beslis, maar die aanbevelings van die komitees ten opsigte van onderwysers vir vakante poste het ook onder die aandag van die direkteur van onderwys gekom.

(a) <u>Die verhouding van skoolrade tot skoolkomitees</u>.

Die verhouding tussen die twee plaaslike bestuursliggame het soms wrywing veroorsaak. Dit het ontstaan omdat die rade met gesag oor die komitees geplaas is; die rade het die oppertoesig oor die onderwys in die distrik gehad en moes by die beslissing oor belangrike sake slegs die betrokke skoolkomitees raadpleeg [8].

Die skoolrade/......

---

1. De Volkstem, 23.6.08, 9.10.08, 20.10.08, 5. 10.09.
2. De Volkstem, 7.7.08, 28.8.08, 3.11.08.
3. De Volkstem, 21.1.08, 7.4.08, 1.5.08, 15.5.08.
4. De Volkstem, 3.11.08.
5. Ibid.
6. De Volkstem, 28.8.08, 12.3.09.
7. De Volkstem, 23.6.09.
8. T.O.D.-Rapport 1907 - 8, 11.

Die skoolrade het dan ook van hulle magte gebruik gemaak en, waar hulle dit nodig gevind het, die advies van die skoolkomitees oor die hoof gesien. Die meeste griewe het ontstaan oor die aanbeveling van onderwysers [1]. Die verskille het dikwels ontstaan omdat die skoolkomitees nie die kwalifikasies wat vir die verskillende poste nodig was behoorlik begryp het nie, met die gevlog dat kandidate wie se aanstelling nie bekragtig kon word nie, aanbeveel is [2].

Of die optrede van die skoolrade altyd geregverdig was, is moeilik om te bepaal. Die volgende enkele voorbeeld dui op bevooroordeelde optrede deur die skoolraad Witwatersrand-Sentraal. Die skoolkomitee van die Braamfonteinse plaasskool het aansoek gedoen om Geskiedenis en Aardrykskunde bo standerd drie deur medium Hollands te laat doseer. Die skoolraad het die aansoek van die hand gewys op grond daarvan dat al die kinders Hollandssprekend is en dat dit nie nodig is om op hierdie wyse voorsiening te maak vir die ekstra onderrig van die Hollandse taal nie [3]. Later word vermeld dat die aansoek deur die departement goedgekeur is [4].

Waar daar hartelike samewerking was tussen skoolraad en skoolkomitees, het die skole gefloreer. In meer as een inspeksiekring kon inspekteurs van onderwys getuig van heelhartige samewerking in belang van die onderwys [5].

(b) Die direkteur van onderwys en die skoolkomitees.

Die direkteur van onderwys, J. E. Adamson, het nie 'n baie hoë dunk van die skoolkomitees gehad nie en hy het dit ook onomwonde te kenne gegee in sy jaarrapporte:

"Hoe/......

---

1. The Star, 19.5.08.
   De Volkstem, 22.5.08.
   Debatten, Eerste Parlement Transvaal, Tweede Zitting 1908, 1394, 1395.
2. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 149.
   Id., 1908 - 9, 88.
3. The Star, 9.5.08.
4. Id., 19.6.08.
5. T.O.D.-Rapport 1908 - 9, 79.
   Id., 1909 - 10, 133.

"Hoe spoediger de dag kome waarop de Rade de enige lokale autoriteit is voor lager scholen, hoe beter voor het onderwijsstelsel van deze Kolonie" 1).

Hierdie standpunt het hy ingeneem omdat hy gevrees het dat skoolkomitees vir individuele skole die onderwys in die lig van "kleingeestige en niet verlichte denkbeelden" sou laat ontwikkel [2].

As gevolg van sy oordeel "dat de meeste kommissies niet in staat zijn een juiste mening te vormen omtrent de betrekkelik professionele verdiensten van de verschillende kandidaten" [3], wou hy die invloed van die skoolkomitees so ver moontlik uitskakel. Hy het voorgestel dat die raad by die aanbeveling van onderwysers eers die applikasies moet oorweeg voor die lys van name aan die komitee voorgelê word. Die raad moet ook 'n voorlopige keuse doen en 'n kort opsomming van die redes vir sy keuse, tesame met die name van die kandidate wat weens kwalifikasies nie in aanmerking kan kom nie, aan die komitee stuur [4].

Waar die uitvoerende amptenaar van die onderwysdepartement die skoolkomitees nie bestaansreg gegun het nie, kon daar ook verwag word dat die aanbevelings van hierdie liggame by hom nie veel gesag sou dra nie.

d. Beherende liggame vir hoërskole.

(1) Skole en inrigtings uitgesluit van die beheer van skoolrade.

Artikel 23 van die onderwyswet van 1907 het voorsiening gemaak vir die stigting en onderhoud van sekondêre skole of voorbereidende afdelings daarvan, of sekondêre afdelings verbonde aan laerskole. In die eerste lys wat by die onderwyswet aangeheg is, verskyn die name van drie-en-twintig skole wat sekondêre onderwys kon gee.

Al hierdie/.......

---

1. T.O.D.-Rapport 1906 - 7, 12. "I believe it will be a good day for the schools when parents and public are satisfied with the control which they have through school boards". Id., 1909 - 10, 21.
2. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 17.
3. Id., 42.
4. Ibid.

Al hierdie skole, behalwe 'n agtal genoem in lys drie van die wet, sou onder die beheer van skoolrade geplaas word. Hierdie skole het dan ook hulle eie skoolkomitees gekies.

Die volgende skole of inrigtings vir hoër onderwys sou uitgesluit wees van die toesig van skoolrade:

The Jeppe High School for Boys and Girls, met 'n voorbereidende afdeling.

The Johannesburg High School for Boys, ook bekend as Johannesburg College, met 'n voorbereidende afdeling.

The Johannesburg High School for Girls, ook bekend as Cleveland High School, met 'n voorbereidende afdeling.

The Potchefstroom High School for Boys, ook bekend as Potchefstroom College.

The Potchefstroom Secondary School for Girls, met 'n voorbereidende afdeling.

Eendracht Skool, Pretoria.

Pretoria High School for Girls, met 'n voorbereidende afdeling.

Pretoria High School for Boys, ook bekend as Pretoria College.

Normaalkollege, Pretoria.

Die Transvaalse Universiteitskollege [1].

Artikel 73 van die onderwyswet magtig die minister van onderwys om vir bogenoemde skole of inrigtings [2] beheerrade of bestuursliggame in te stel. Die magte en pligte van sodanige beheerraad of bestuur sal van tyd tot tyd deur regulasies voorgeskryf word.

(2) <u>Johannesburgse Hoërskole</u>.

Die volgende regulasies is vir die Johannesburgse hoërskole deur goewermentskennisgewing nommer 563 van 1908 aangekondig:

(a) <u>Samestelling van die beheerraad (Regulasies 1 tot 6)</u>.

Elke beherende liggaam sou uit

nege lede/....

---

1. Smutswet: Bylae 3.

2. Die beheer van die twee inrigtings vir hoër onderwys sal nie verder bespreek word nie, aangesien die Normaalkollege onder direkte beheer van die direkteur van onderwys gestaan het en die Transvaalse Universiteitskollege buite die bestek van hierdie werk val.

nege lede bestaan: drie deur die ouers of voogde van skoolgaande kinders verkies, drie deur die "Witwatersrand Council of Education" en drie deur die goewerment benoem.

Jaarliks sou een verteenwoordiger van die ouers, van die "Witwatersrand Council of Education" en van die goewerment elk aftree, maar hulle sou weer benoembaar wees. Die aftreding aan die einde van die eerste en tweede jaar sou deur die lot beslis word en daarna volgens rotasie.

Die nominasie en verkiesing van nuwe lede sou by 'n ouervergadering gedurende November plaasvind. Slegs een ouer of voog per familie sou stemgeregtig wees. Alle nuut gekose of benoemde lede sou op 1 Januarie sitting neem. Bestaande beheerrade sou in diens bly tot 31 Desember 1908, en die rade wat onder die nuwe regulasies saamgestel is, sou op 1 Januarie 1909 diens aanvaar.

Tussentydse vakatures sou deur verkiesing of benoeming aangevul word deur die liggaam wat deur die lid verteenwoordig moet word.

(b) Prosedure by vergaderings

((Regulasies 7 tot 13).

By die eerste vergadering word 'n voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris benoem. Die sekretaris sal 'n besoldigde amptenaar wees en onderwysers mag nie die pos beklee nie.

Een gewone vergadering per kwartaal moes gehou word, terwyl 'n buitengewone vergadering deur die voorsitter of op versoek van twee lede gereël kan word. Drie lede vorm 'n kworum.

Die voorsitter het 'n gewone en beslissende stem. By die afwesigheid van die voorsitter en die ondervoorsitter, kies die lede 'n voorsitter. Lede se lidmaatskap verval indien hulle sonder kennisgewing van twee opeenvolgende vergaderings afwesig is.

Notule van alle vergaderings moet gehou word, en na die bekragtiging van 'n notule moet 'n afskrif aan die direkteur van onderwys gestuur word.

(c) Beheerrade en personeel

(Regulasies 14 tot 19).

Personeel/.......

Personeelvoorsiening en gradering van poste sal deur die direkteur van onderwys in oorleg met die beheerraad gedoen word.

Die beheerraad sal onderwysers vir benoeming by die direkteur van onderwys aanbeveel. Indien laasgenoemde die keuse nie geskik ag nie, sal hy die raad versoek om 'n ander aanbeveling te maak. Alle aanstellings van onderwysers berus by die direkteur van onderwys en geen onderwyser se diens sal sonder sy goedkeuring beëindig word nie.

By die keuse van onderwysers sal die beheerraad die aanbeveling van die skoolhoof deeglik in oorweging moet neem. Indien die keuse van die beheerraad verskil van die hoof se aanbeveling, moet dit vermeld word en besonderhede waarom dit verskil moet aan die direkteur gestuur word.

'n Skoolhoof moet alle vergaderings in 'n adviserende hoedanigheid, sonder stemreg, bywoon. Hy moet op versoek van die voorsitter die vergadering verlaat. Die hoof sal die enigste kanaal wees tussen die beheerraad, en die personeel en alle korrespondensie moet onmiddellik deur hom oorgedra word.

(d) Finansies (Regulasies 20 tot 23).

Die regering dra alle koste in verband met hoërskole. Die beheerraad vorder die skoolgelde in en deponeer dit as belasting op naam van die goewerment. Die sekretaris mag vervolgings instel teen persone wat versuim om hulle gelde te betaal.

Die beheerraad mag aanbevelings maak in verband met skoolgelde, maar die finale beslissing berus by die direkteur van onderwys. Die beheerraad mag kleiner werke aangaan tot 'n bedrag van £5 sonder goedkeuring vooraf van die departement. Vir uitgawes van meer as £5 moet eers magtiging verkry word. Uitgawes sal op ontvangs van gesertifiseerde rekenings deur die departement betaal word.

(e) Funksies van beheerrade (Regulasies 24 tot 25).

Die funksies van die beheerrade sal adviserend wees en hy mag enige aanbeveling wat in belang van die skool sal wees aan die direkteur van onderwys voorlê.

Die departement/......

Die departement onderneem om geen verandering aan te bring sonder raadpleging met die beheerraad, wat die karakter van die skool sal verander nie, soos uitbreiding, verskuiwing van geboue, verandering van skoolgelde of die verhoging van toelatingsouderdom nie.

Lede van die beheerraad mag enige klaskamer binnegaan, mits hulle hulle nie met die werksaamhede in die klaskamer bemoei nie.

Die regulasies kan op versoek van die beheerraad deur die minister van onderwys verander word, mits vroegtydig kennis gegee word.

(3) Pretoriase Hoërskole.

Die Eendracht Hoërskool was 'n C.N.O.-skool wat na die aanname van die Smutswet oorgegaan het onder die beheer van die onderwysdepartement. Die skool het bly voortbestaan onder bestuur van sy eie skoolkomitee, totdat dit aan die begin van 1910 saamgesmelt het met die Pretoria Boys High en Girls High.

Na die vereniging van dié skole het die minister van onderwys op 21 April 1910 die regulasies aangekondig vir 'n beheerraad wat die seun- en meisieskool gesamentlik sou beheer [1].

In hoofsaak het die regulasies ooreengestem met dié vir die beheerrade van die Johannesburgse skole, behalwe die volgende verskille:

(a) Die beheerraad sou uit twaalf lede bestaan wat vir die eerste dienstermyn, wat op 30 Junie 1913 sou eindig, deur die minister van onderwys benoem sou word. Vir die volgende beheerraad sou die ouers van kinders wat die skool besoek agt lede kies en die minister vier benoem. Laasgenoemde is die patroon wat ook nog vandag in werking is [2].

Jaarliks sou twee verkose en een benoemde lid aftree. Die aftredings sou ook per lot beslis word en die verkiesings sou gedurende Junie van elke jaar plaasvind. Duideliker is beslis dat die sekretaris die ouervergadering/.....

1. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 406 van 1910.
2. Id., Regulasies 2, 4(i).

ouervergadering sou belê en dat die nominasie van kandidate skriftelik sou wees, met die volle naam en adres van die kandidaat asook die handtekeninge van die voorsteller en sekondant [1].

Indien daar meer kandidate genomineer sou word as wat verkies moes word, sou die sekretaris 'n verkiesingsdatum bepaal, wat nie binne veertien dae van die nominasiedatum sou val nie.

Een ouer of voog per gesin kon dan voor of op die vasgestelde datum deur die pos vir die lede van die beheerraad stem [2].

Die beheerraad sou dieselfde magte en funksies van 'n skoolraad, soos neergelê in die onderwyswet van 1907, vervul [3].

(4) Potchefstroomse Hoërskole.

Reeds gedurende 1906 is beslis dat die skoolkomitees van die Potchefstroom College en die Girls High School sou verenig tot een beherende liggaam vir albei inrigtings. Die voorbereidende afdelings van die twee skole sou saamsmelt tot een skool vir seuns en dogters, ook onder beheer van die beheerraad.

Aanvanklik was die komitee vir die seunskool gekant teen samesmelting [4], maar op 'n vergadering gehou op 5 Oktober 1906 is eenparig besluit tot vereniging [5].

Die skole is tot die einde van 1910 onder die ou regulasies bestuur. Op 27 Oktober 1910 is die nuwe regulasies onder seksie 2 van die onderwyswet 1907 in die staatskoerant aangekondig [6].

In hoofsaak kom die regulasies ooreen met dié van die ander beheerrade behalwe dat die raad uit nege lede sou bestaan, waarvan ses deur die ouers verkies en drie/.......

---

1. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 406 van 1910, Regulasies 4 (ii), 5.
2. Id., Regulasie 6.
3. Id., Regulasie 15.
4. Minutes of the Potchefstroom College, 18.5.06.
5. Id., 5.10.06.
6. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 113 van 1910.

en drie deur die administrateur [1] benoem sou word [2].

Lede sou jaarliks volgens rotering aftree, beginnende op 31 Desember 1911. Vir die eerste jaar sou die aftredendes deur loting aangewys word [3].

'n Verdere afwyking van die ander regulasies was dat by 'n verkiesing die kiesers wat binne die "gemeentelike kring" gewoon het, by 'n vergadering hulle stem kon uitbring, terwyl kiesers buite die kring deur die pos kon stem [4].

(5) Beherende liggame in die praktyk.

In die regulasie is bepaal dat die beherende liggame dieselfde funksie sou hê as skoolkomitees en skoolrade. Dit beteken dat ouers deur middel van plaaslike besture groter seggenskap gehad het. Die aanbeveling van die rade het direk na die direkteur van onderwys gegaan.

Die aangewese taak van die beherende liggame was dus om die behoeftes en belange van hulle besondere skole te behartig. Hulle het dan ook besondere dienste gelewer, veral op 'n tydstip toe die kwessie van permanente geboue in oorweging was [5]. By die ontwikkeling en verbetering van die permanente terreine het die rade besondere hulp verleen [6].

Inspeksieverslae is direk aan beheerrade vir hulle insae gestuur [7].

7. Skoolraadskonferensies.

a. Inleiding.

Die direkteur van onderwys het gevoel dat dit nodig sou wees om, sodra die skoolrade ongeveer 'n jaar in werking was, 'n konferensie van verteenwoordigers van die verskillende rade te hou. Die bespreking van die onderwysbegroting in die Parlement van 1908 - 09

het egter/.......

---

1. Die middelbare skole is toe reeds onder provinsiale beheer geplaas.
2. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 113 van 1910, Regulasie 2.
3. Id., Regulasie 4.
4. Id., Regulasie 6(iii).
5. Catterell: The History of the Johannesburg High School for Girls, 25.
6. Buckland: Reminiscences, 18.
7. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 18.

het egter getoon dat so 'n byeenkoms so gou moontlik moes plaasvind [1].

Die koloniale sekretaris het tydens die debat gesê dat dit die doel van die skoolraadskonferensies was om deur onderlinge gedagtewisseling 'n eenheid van gedragslyn te verkry en die gemaklike werking van die onderwyswet te bevorder, om misverstande uit die weg te ruim en toekomstige wrywing tussen volkskoolverwante besture en die administrasie te vermy [2].

Die eerste vergadering is gehou te Pretoria op 30 September, 1 en 2 Oktober 1908, onder voorsitterskap van die direkteur van onderwys. Na ds. A. J. Louw voorgegaan het in gebed, het die koloniale sekretaris die konferensie geopen en na die afgevaardigdes verwys as die eerste onderwysparlement van die Transvaal [3].

Op die konferensie was teenwoordig twee afgevaardigdes van elke skoolraad, lede van die onderwysraad en verteenwoordigers van die inspektoraat. Lede van die onderwysraad en van die inspektoraat kon aan die besprekings deelneem maar het geen stem gehad nie. Die pers en lede van die publiek kon teenwoordig wees.

Die voorsitter het gereël dat lede enige van die twee amptelike tale by die besprekings mag gebruik; die mosies sou in albei tale ingedien word, terwyl as algemene reël sou geld dat toesprake en ander bydraes nie vertaal sou word nie [4].

By die eerste konferensie is mosies ingedien wat voorsiening gemaak het vir jaarlikse byeenkomste van skoolraadslede waar ook onderwysers teenwoordig sou wees. Inspekteurs en onderwysers kon aan die besprekings deelneem maar sou geen stem hê nie [5].

Volgens besluit is die tweede skoolraadskonferensie gehou te Pretoria op 24, 25 en 26 November 1909.

By hierdie/.......

---

1. T.O.D.-Rapport 1908 - 9, 12.
2. De Volkstem, 28.7.08.
3. T.O.D.-Rapport 1908 - 9, 12.
4. Id., 173.
5. T.E.D.-Report, 1908 - 9, 174: Mosies 47 - 49.

By hierdie konferensie was teenwoordig die direkteur van onderwys, twee verteenwoordigers van elke skoolraad, behalwe van dié van Standerton, twaalf lede van die inspektoraat, drie lede van die onderwysraad [1] en twee verteenwoordigers elk van die Teachers Association en die V.V.O.O.Z.A. Na ds. A. P. Burger die vergadering met gebed geopen het, word voorgestel dat die vergadering sy eie voorsitter kies. Aan mnr. H. L. Malherbe word voorkeur gegee bo die direkteur van onderwys, waarop laasgenoemde versoek word om die verrigtings by te woon en aan die besprekings deel te neem [2].

b. Besluite van die eerste skoolraadskonferensie.

Op die konferensie het daar oor die algemeen 'n baie goeie gees geheers. In die jaarverslag van 1908 - 9 word die atmosfeer wat geheers het kernagtig soos volg opgesom:

> "De afgevaardigden waren klaarblijkelik geneigd tot onderwijszaken, en ofschoon de dampkring nu en dan swanger ging aan min of meer gevaarlike elementen, zoals ongelukkig altijd het geval is wanneer onderwijskwesties punten van ras rakende, toch is het zeker dat de afgevaardigden van stad en land elkander en de leden van het Departement verlieten met een klaarder en verdrageliker inzicht in elkanders oogmerk en een beter denkbeeld van de werking en de machinerie waarmede dit oogmerk bereikt wordt" 3).

Die besluite wat deur die konferensie aangeneem is, omvat in werklikheid die hele onderwysgebied. Waar meer as een besluit oor dieselfde saak geneem is, word hulle vir die doel van hierdie weergawe onder een hoof saamgevat. Die vrug op die besluite, soos dit 'n jaar later deur die onderwysdepartement saamgevat is, word ook aangetoon.

(1) Voorsiening van onderwysfasiliteite.

(a) Buiteskole op die dun bevolkte platteland.

Vir die/.......

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 50. Hier vermeld die direkteur van onderwys dat vier lede van die onderwysraad teenwoordig was.
2. Id., 260.
3. T.O.D.-Rapport 1908 - 9, 13.

Vir die onderwys op die platteland was die voorsiening van die nodige fasiliteite 'n brandende vraagstuk. Uit die bespreking het dit duidelik geblyk dat die beginsel van sentralisasie deur die meerderheid van die skoolrade aanvaar word, en 'n besluit is dienooreenkomstig geneem. 'n Voorstel dat die minimum inskrywing om 'n openbare skool te regverdig verminder word van 25 na 20, is teruggetrek. 'n Tweede voorstel om seksie 7 van die onderwyswet so te verander dat subsidies betaal kon word aan privaatplaasskole met 'n inskrywing van ses leerlinge met ouderdomme vyf jaar en hoër, is met 'n meerderheid van slegs twee stemme goedgekeur. Die departement het die beginsel van sentralisasie toegepas waar moontlik, maar die koloniale sekretaris het deurgaans geweier om goedkeuring te verleen aan besluite wat 'n verandering van die onderwyswet gevra het [1].

(b) <u>Skole in dig bevolkte gebiede</u>.

'n Voorstel deur die skoolraad van Witwatersrand-Sentraal, dat daar weens gebrek aan akkommodasie in stadskole 'n dubbelsessie met twee stelle onderwysers en leerlinge ingevoer moet word, is eenparig aangeneem. Mnr. H. J. Hofmeyr het aangevoer dat ongeveer 33 persent van die leerlinge in sy skoolraadsgebied nie 'n skool besoek nie. Die departement het dit nie prakties gevind om hierdie besluit uit te voer nie. Alhoewel die toestand baie ernstig was, veral in die oostelike deel van die gebied, is daar met die oog op die vordering wat met die oprigting van geboue gemaak is geen verdere maatreëls toegepas nie [2].

(c) <u>Die oprigting van skoolgeboue en onderwyserskwartiere.</u>

Die kwessie van die voorsiening van geboue vir buiteskole het tot 'n bittere en skerp bespreking gelei. Die bespreking het voortgespruit uit 'n voorstel van Potchefstroom dat, vir 'n meer

bevredigende/.......

---

1. T.O.D.-Rapport 1908 - 9, 13.
   T.E.D.-Report 1908 - 9, 167: Mosies 1 - 3.
2. Id., 168: Mosie 4.
   T.O.D.-Rapport 1908 - 9, 14.

bevredigende toepassing en uitvoering van die wet, dit wenslik en dringend noodsaaklik is dat daar ten eerste tussen die departement en ondergeskikte liggame en persone 'n meer simpatieke verhouding behoort te bestaan as wat tot dusver die geval was. Ten tweede is versoek dat daar ten aansien van die oprigting van skoolgeboue en die aankoop van grond vir skooldoeleindes waarby die departement van publieke werke betrokke is, sodanige reëlings getref sal word dat dit die bemoeiliking van die uitvoering van die taak van skoolrade sowel as onnodige oponthoud en vertraging van genoemde sake, in die toekoms sal uitskakel. Ten derde is daar aanbeveel dat die geskille tussen skoolrade en die departement met die hoogste spoed na die minister van onderwys vir beslissing verwys sal word [1].

Ds. L. P. Vorster, van Rustenburg, het die departement daarvan beskuldig dat hy nie genoeg belang stel in en kennis dra van die behoeftes van die buitedistrikte nie. Hy het gevra dat 'n tweede sekretaris van onderwys, wat 'n spesiale studie sal maak van die behoeftes van die buitedistrikte, aangestel moet word. Na 'n vurige bespreking waarin sprekers hulle beroep het op hulle vryheid om hulle griewe te lug, na aanleiding van die woorde van die koloniale sekretaris dat die vergadering 'n "Onderwys Parlement" is [2], het dr. F. V. Engelenburg (onderwysraad) vir die departement in die bresse getree en die volgende amendement, wat met 'n meerderheid van stemme [3] aangeneem is, ingedien:

> "Dat met het doel om tot een betere verstandhouding te komen tussen het Departement en de schoolraden, spreekt deze konferentie de wens uit, dat in het beheer van het Departement voorziening worde gemaakt voor deugdelike bekendheid met de toestande van onze buitenbevolking" 4).

Die minister/.......

---

1. T.E.D.-Report 1908 - 9, 169: Mosie 11.
2. De Volkstem, 2.10.08.
3. Die Engelse uitgawe gee die uitslag van die stemming as 30 teen 12, terwyl die Nederlandse uitgawe dit as 13 teen 12 aandui. Eersgenoemde is waarskynlik korrek.
4. T.E.D.-Report 1908 - 9, 169: Mosie 11.

Die minister van onderwys het die besluit ernstig oorweeg en tot die gevolgtrekking gekom dat die departement geen moeite ontsien het om die volledigste besonderhede van die behoeftes van alle seksies van die bevolking te verkry nie. Hierdie behoeftes is simpatiek oorweeg en daarin is voorsien, sover die bronne dit toegelaat het [1].

Twee mosies wat eenparig aangeneem is, het gevra dat in 'n transportakte, by die oordrag van grond wat vir skooldoeleindes afgestaan is, gemeld moet word dat die grond slegs vir daardie doel gebruik mag word en ten tweede dat die planne vir skoolgeboue moet pas by die omgewing waar die skool gebou gaan word [2].

In gevalle waar grond geskenk word vir onderwysdoeleindes, moet die minister van landbou 'n vorm van oordrag goedkeur wat voorsiening daarvoor maak dat grond terugval na die skenker indien dit nie meer gebruik word vir die doel waarvoor dit geskenk is nie.

Planne vir skoolgeboue moet aan skoolrade voorgelê word vir goedkeuring en enige aanbevelings met die oog op aanpassing by die omgewing, moet sorgvuldige aandag geniet [3].

Na aanleiding van 'n voorstel wat deur die konferensie goedgekeur is, het die departement besluit om onderwyserskwartiere, los van die skoolgebou, op te rig en daarvoor voorsiening te maak indien fondse beskikbaar is [4].

Geen verdere bespreking oor skoolgeboue het plaasgevind nie nadat die voorsitter verklaar het dat die koloniale sekretaris en die minister van openbare werke ooreengekom het om die verantwoordelikheid vir die inspeksie en goedkeuring van geboue wat deur privaatpersone opgerig is en wat aan die goewerment verhuur word, aan die skoolrade oor te dra [5].

(d) Uitbreiding/.......

1. T.E.D.-Report 1908 - 9, 178.
2. Id., 176: Mosies 68 en 69.
3. Id., 182.
4. Id., 176: Mosie 71.
   Id., 182.
5. Id., 174.

(d) Uitbreiding van fasiliteite met die oog op industriële en landbou-onderwys.

Twee besluite van die konferensie het aangetoon hoe sterk die gevoel vir die verskaffing van fasiliteite vir tegniese en landbou-onderwys was.

'n Mosie van Carolina het gevra vir een ambagskool in elke distrik, wat by bestaande skole of as aparte inrigtings geopen kon word. Die besondere ambag. wat gedoseer moes word, moes by plaaslike omstandighede aanpas [1].

Die departement was baie ten gunste van genoemde onderwys, en voorsiening daarvoor sou gemaak word so spoedig as wat fondse dit toelaat. Daar was reeds 'n aansienlike vermeerdering in die getal handwerkklasse verbonde aan bestaande skole. Drie industriële skole, te Potchefstroom, Pretoria en Johannesburg, het reeds bestaan [2].

Die departement was ook besig om in die buiteskole praktiese opleiding in te voer as 'n basis in die beginsels van landbou, soos deur Zoutpansberg voorgestel. Hierdie praktiese opleiding het werk op die proefpersele en in die skooltuine ingesluit [3].

Op 'n vraag het dr. F. V. Engelenburg geantwoord dat tegniese en landbou-onderwys nie onder beheer van skoolrade sou val nie [4].

(2) Die beheer oor koshuise.

Ds. P. Nel van Ermelo het voorgestel dat die instelling van en kontrole oor skoolkoshuise in die hande van verantwoordelike liggame gelaat moes word en dat die departement ondersteuning in die vorm van 'n toelae per kosganger moes gee asook die huur van die geboue moes betaal [5].

Dit was die beleid van die departement om die

beheer van/......

---

1. T.E.D.-Report 1908 - 9, 168: Mosie 6.
2. Id., 177.
3. Id., 38, 168: Mosie 6.
   Id., 177.
   T.O.D.-Rapport 1908 - 9, 38.
4. T.E.D.-Report, 1908 - 9, 168.
5. Ibid.: Mosie 8.

beheer van skoolkoshuise by die skoolkomitee te laat berus. Die departement het 'n hulptoelaag vir meubels gegee en by die departement van publieke werke aanbeveel om die huur van nie-staatseiendomme te betaal. Alle aanbevelings in verband met huur is altyd goedgekeur. Die enigste hulptoelaag per kosganger was die plattelandse beursfonds wat deur die skoolraad beheer is en nie vyf sjielings per leerling per week mag oorskry het nie [1].

(3) Skoolmeubels.

Twee mosies, dat meer geld beskikbaar gestel moes word vir skoolmeubels en dat die gebruik om meubels vir onderwyserskwartiere te voorsien gestaak moes word, is eenparig aangeneem [2].

As gevolg van die snelle toename in die aantal leerlinge, die opening van nuwe skole en die voorraad ongeskikte meubels in bestaande skole, het daar 'n groot agterstand in die voorsiening van meubels ontstaan. Vir die boekjaar 1909 - 10 is £18,000 vir skoolmeubels en £9,000 vir huishoudelike meubels bewillig, in teenstelling met 'n totale bedrag van £13,500 vir 1908 - 9. Die gebruik om meubels vir onderwyserswonings te voorsien is gestaak [3].

(4) Onderwysers.

'n Hele aantal beskrywingspunte wat betrekking gehad het op onderwysers is deur die konferensie behandel.

(a) Die kwalifikasies van onderwysers.

'n Waardevolle bespreking het plaasgevind oor eenvormige kwalifikasies vir alle Suid-Afrikaanse onderwysers [4]. Die wenslikheid en noodsaaklikheid is reeds, sonder sukses, met hoofde van ander onderwysdepartemente bespreek. Die Transvaalse stelsel vir die toekenning van sertifikate is so uitgewerk dat dit maklik sou aanpas by 'n Suid-Afrikaanse stelsel [5].

'n Skema/.......

---

1. T.E.D.-Report, 178.
2. Id., 168: Mosies 9 en 10.
3. Id., 178.
4. Id., 169: Mosie 12.
5. Id., 178.

'n Skema vir die oorplasing van Suid-Afrikaanse onderwysers na die Transvaal was reeds in werking en dit het die probleem van skoolrade opgelos wat gevra het dat 'n Kaapse derde klas-onderwysersertifikaat gelykwaardig verklaar moet word aan die Transvaalse derde klassertifikaat [1]. Hierdie sertifikate is as gelykwaardig beskou mits die kandidaat vir een jaar aan enige inrigting opgelei is en een jaar praktiese ondervinding gehad het, of drie jaar ondervinding opgedoen het, waarvan ten minste een jaar in Transvaal moes wees [2].

Skoolrade wou ook gesertifiseerde onderwysers in staat stel om verder in verband met die onderwysberoep te studeer [3]. Studie deur diensdoende onderwysers is sterk aangemoedig en 'n hele aantal onderwysers is deur die owerheid ondersteun deur die vergunning om klasse by te woon of deur middel van korrespondensie te studeer. Vakansiekursusse is gereël om die kwalifikasies van onderwysers te verbeter [4].

(b) Opleiding van onderwysers.

Aangesien die onderwysraad die stigting van twee Normaalkolleges, te Johannesburg en Heidelberg, goedgekeur het [5], het 'n voorstel dat begaafde kinders aan tweede klas-skole 'n elementêre opleiding as onderwysers sou ontvang, verval [6].

(c) Adverteer van poste.

Na aanleiding van 'n eenparige aangenome mosie, voorgestel deur ds. K. T. van den Heever van Bloemhof, dat vakante poste beter geadverteer moet word [7], het die departement die beleid gevolg om ook in alle toonaangewende Suid-Afrikaanse koerante kennis te gee van vakatures in Transvaalse skole [8].

(d) Minimum diensjare vir bevordering tot hoofonderwysers in groter skole.

'n Mosie/........

---

1. T.E.D.-Raport 1908 - 9, 169: Mosie 13.
2. Id., 178.
3. Id., 173: Mosie 43.
4. Id., 181.
5. Id., 179.
6. Id., 171: Mosie 26.
7. Id., 173: Mosie 37.
8. Id., 180.

'n Mosie dat die aantal diensjare van hoofonderwyser as voorwaarde vir bevordering tot hoofde van groter skole hersien moet word, het verval [1] nadat die voorsitter aangekondig het dat nuwe regulasies vanaf 1 Januarie 1909 in werking sal tree. Kandidate wat in besit was van 'n graad, se diensjare sou met 25% verminder word in die geval van hoofonderwysers van eerste, tweede en derde klas-skole [2].

(e) Groter magte vir skoolrade om teen onderwysers op te tree.

Wolmaransstad het gevra dat artikel 80 van die onderwyswet so verander word dat skoolrade ook die ontslag van 'n onderwyser kon aanbeveel waar sy gedrag nie bygedra het tot die welvaart van die skool nie. Na 'n lang bespreking is die saak na die onderwysraad verwys [3].

Witwatersberg het magte gevra vir skoolrade om op te tree teen onderwysers wat ander bedrywighede beoefen, soos 'n boerdery om finansiële gewin, en wat 'n nadelige uitwerking op die skool se werk het. In hierdie verband is ook 'n duideliker omskrywing van regulasies 170 en 173 van die onderwyswet gevra [4].

Die onderwysraad het hierdie moeilike probleme oorweeg en met sekere aanbevelings na die departement terugverwys [5].

(f) Man en vrou op dieselfde personeel.

Die onderwysraad het dit onder die toentertydse omstandighede onprakties gevind om aan te beveel dat dit nie wenslik is dat 'n man en sy vrou aan dieselfde personeel verbonde sal wees nie [6].

(5) Laer onderwys.

(a) Gratis laer onderwys.

Sterk pleidooie is gelewer dat vermoënde ouers gelde moes betaal vir die onderwys van hulle kinders./.......

1. T.E.D.-Report 1908 - 9, 171: Mosie 25.
2. Id., 179.
3. Id., 172: Mosie 33.
4. Id., 173: Mosies 41 en 42.
5. Id., 180.
6. Id., 181.
Id., 175: Mosie 55.

hulle kinders. Na lang en deeglike bespreking is besluit, met twaalf teenstemme, dat die tyd nog nie ryp is vir die beëindiging van kostelose laer onderwys nie [1].

(b) Leerplanne en leergange.

Afgevaardigdes het eenparig besluit om te vra dat 'n reeks lesings oor elementêre fisiologie en seks en oor gesondheid en matigheid in die leerplan van die laerskool ingesluit word. 'n Mosie in verband met deegliker onderrig van handskrif het verval, terwyl mosies om eenvormige leergange vir Suid-Afrika teruggetrek is [2].

Die lesings oor fisiologie en seks kon nie gereël word nie terwyl gesondheid en matigheid verpligte skoolvakke geword het [3].

(6) Sekondêre onderwys.

Die volgende mosie is met een teenstem aangeneem:

> "Dat de Konferentie aanbeveelt dat sekondair onderwijs in alle geschikte dorpen worde gegeven" 4).

Die direkteur van onderwys het in hierdie besluit die neiging tot desentralisasie van die sekondêre onderwys gesien, en die uitvoering van so 'n beleid moes noodwendig deeglik beheer word. Sodra 'n dorpskool ver genoeg gevorder het en daar genoeg leerlinge was om 'n sekondêre afdeling te regverdig, kon daarvoor aansoek gedoen word [5].

Die skoolgelde vir die sekondêre onderwys het ook ter sprake gekom, en 'n voorstel dat die saak na die onderwysraad verwys word, is aangeneem [6]. Op aanbeveling van die onderwysraad is nuwe regulasies wat die gelde vir die sekondêre afdelings, verbonde aan laerskole, omskryf, deur die minister van onderwys aanvaar. Die nuwe gelde sou £2 bedra per leerling

per kwartaal,/......

---

1. T.E.D.-Report 1908 - 9, 170: Mosie 14. De Volkstem, 2.10.08.
2. T.E.D.-Report, 1908 - 9, 172, 174: Mosies 30, 31, 50, 66 en 67.
3. Id., 180.
4. Id., 172: Mosie 32.
5. Id., 180.
6. Id., 174: Mosie 46.

per kwartaal, met 'n korting vir meer as een kind uit dieselfde gesin. Skoolrade kon, tot 'n maksimum van 20%, aan die leerlinge verdienstelikheidsbeurse toeken, dit wil sê, hulle sou gratis onderwys ontvang [1].

(7) Beurse.

Skoolrade het versoek dat die bedrae per kind vir vervoer en losies verhoog moet word en dat groter magte aan hulle gegee word om die toekenning van bedrae aan individue, elk volgens sy eie meriete, te oorweeg [2].

Die beursregulasies is hersien en 'n tarief van ses sjielings per kind per week vir vervoer is aanbeveel, terwyl die maksimum vir losies onveranderd op vyf sjielings per week gebly het. Wat die toekenning van beurse betref, het skoolrade volle magte gekry om binne die beursregulasies die beursgelde te bestee [3].

(8) Inspeksie.

(a) Professionele inspeksie.

Na 'n lewendige woordewisseling, waaraan ook lede van die inspektoraat deelgeneem het, het die konferensie besluit dat inspekteurs van skole hulle meer op individuele as klas-inspeksie moes toelê [4]. Om hierdie probleem op te los, het die departement 'n openbare eksamen vir die sesde en sewende standerds ingestel. Die skoolverlatingsertifikaat van die laerskool sou aan suksesvolle kandidate toegeken word. Verder het inspekteurs opdrag ontvang om leerlinge in die laer standerds individueel te toets waar dit in belang van die skool en leerlinge is [5].

(b) Mediese inspeksie.

Die konferensie was van oordeel dat 'n gereelde mediese inspeksie van skoolgeboue, terreine en leerlinge wenslik is [6]. Hierdie inspeksie van laerskole/.......

---

1. T.E.D.-Report 1908 - 9, 181.
2. Id., 173: Mosies 35 en 36.
3. Id., 180.
4. Id., 173: Mosie 38.
5. Id., 180.
6. Id., 172: Mosie 28.

van laerskole en leerlinge is reeds sedert 1 Julie 1908 deur die departement van openbare gesondheid in dorpskole onderneem [1].

(9) Leerlinge.

(a) Die skorsing van leerlinge, "wiens of wier lichaamsgesteldheid, of moreel gebrek of slechtheid van karakter, onwenselik maakt, dat hij of zij langer in aanraking zou komen met zijn of haar mede leerlingen", het die aandag van die vergadering geniet. Die aanbeveling was dat die skoolhoof so 'n leerling kon verwyder en onmiddellik die skoolkomitee of skoolraad daarvan in kennis moes stel [2]. Aangesien individuele gevalle hier ter sprake was, sou elke geval volgens eie besonderhede behandel moes word en is dit nie wenslik geag om algemene reëls neer te lê nie. In gevalle waar hoofde stappe geneem het, het hulle die ondersteuning van die departement geniet [3].

(b) Verslagkaarte vir leerlinge.

Die moontlikheid van die hou van verslagkaarte vir individuele leerlinge is oorweeg, maar weens praktiese moeilikhede in verband met die invoering daarvan het die mosie verval [4].

(10) Verpligte skoolbesoek.

Verpligte skoolbesoek het deeglik onder die soeklig gekom. Die konferensie het aandag geskenk aan: die aanstelling van skoolbesoekbeamptes, die wysiging van die onderwyswet om die skoolverlatingsouderdom van 14 jaar na 16 jaar te verhoog; 'n deeglike skoolsensus van die buitedistrikte, om die ligging aan te toon van deur die goewerment-gesubsidieerde plaas- en privaatskole en die wonings van ouers, met die getal skoolgaande kinders, en ook om die uitoefening van beheer moontlik te maak oor ouers wat gedurende die wintermaande met hulle kinders na die Bosveld trek. 'n Voorstel om die wet so te wysig dat die straal vir die skoolgrense, met die oog op verpligte skoolbesoek, van/......

---

1. T.E.D.-Report 1908 - 9, 180.
2. Id., 172: Mosie 29.
3. Id., 180.
4. Id., 175: Mosie 56.

skoolbesoek, van 3 myl tot 24 myl verleng word, is verwerp [1].

Geen wysiging van die wet is oorweeg nie, en wat die ander sake betref, het skoolrade die mag gehad om opdragte aan skoolbesoekbeamptes te gee. Die departement kon geen oplossing vind vir die Bosveldtrekkers nie [2].

Die voorsitter het die aandag van die afgevaardigdes gevestig op die beleid in verband met skoolvakansies. Die bestaande reëling, waardeur skoolrade skoolvakansies met veertien dae kon verleng of verkort om by plaaslike omstandighede aan te pas, sou vir nog 'n tydperk op die proef gestel word. Verdere toegewings kon nie gemaak word nie [3].

(11) Die Taalvraagstuk.

Dit sou nie in die gees van die tyd gewees het as gelyke regte vir Hollands en Engels nie ter sprake gekom het nie. Veral van die kant van die Afrikaners is daar vurig gestry vir gelyke taalregte. Dit is interessant om waar te neem dat die Engelssprekende afgevaardigdes die mosies in verband met taalbevoegdhede en gelyke behandeling van Hollands met Engels gesteun het. Alhoewel daar ook skerp gekritiseer is, was die gees oor die algemeen goed en was predikante die leidende sprekers.

(a) Tweetaligheidskwalifikasies van onderwysers.

Die voorsitter het die vergadering meegedeel dat die regulasies wat die toekenning van onderwyssertifikate beheer, so gewysig is dat alle kandidate wat 'n eksamen skrywe, vir die derde klassertifikaat in albei tale geëksamineer moet word.

'n Voorstel wat deur Rustenburg in hierdie verband ingedien is, het verval [4].

'n Mosie/.......

---

1. T.E.D.-Report, 1908 - 9, 170, 171: Mosies 20 tot 24.
2. Id., 179.
3. Id., 174: Mosie 52.
   Id., 181.
4. Id., 170: Mosie 15.

'n Mosie wat deur Wolmaransstad ingedien is en wat eenparig aangeneem is, het die wenslikheid uitgespreek dat hoofde van skole in Hollandssprekende distrikte die Hollandse taal magtig moet wees [1]. In hierdie verband het die departement dit as sy beleid uitgespreek om langsaam op te tree in sy pogings om die tekortkomings in verband met die taalkwessie uit die weg te ruim. Alle aanmoediging en ondersteuning is aan onderwysers gegee om hulle kwalifikasies te verbeter, en sowel Engels- as Hollandssprekende onderwysers het hulle begeerte getoon om van hierdie geleenthede gebruik te maak [2].

(b) Taalbevoegdheid van inspekteurs van onderwys.

Die bekwaamheid van alle inspekteurs om in albei tale te inspekteer, is deur die konferensie as noodsaaklik beskou [3]. Dit was ook 'n saak wat met verloop van tyd reggestel sou word, en die departement het sover moontlik probeer om die beleid in werking te stel [4].

(c) Taalvereiste by die bevordering van leerlinge.

Na deeglike bespreking van 'n voorstel van Rustenburg, is die volgende amendement deur Wolmaransstad met twee teenstemme aangeneem:

> "Dat, naar de Wet Engelse kinderen veroorlooft om naar een hogere standaard te worden bevorderd, zonder kennis van de Hollandse taal, hetzelfde voorrecht ook gegeven zal worden aan Hollandse kinderen wat hun kennis van Engels betreft" 5).

Hierdie aanbeveling is net so deur die departement aanvaar [6].

(d) Gelyke regte vir Hollands en Engels.

Die staat was nie bereid om 'n eenparig aangenome mosie, wat volkome gelyke regte vir Hollands

en Engels/.......

1. T.E.D.-Report, 1908 - 9, 170: Mosie 19.
2. Id., 179.
3. Id., 170: Mosie 16.
4. Id., 179.
5. Id., 170: Mosie 17.
6. Id., 179.

en Engels eis, te aanvaar nie, aangesien dit 'n wysiging van die wet sou vereis [1].

(12) Skoolkomitees.

'n Eenparig aangenome mosie het gevra dat die pligte van skoolkomitees deur regulasies vasgelê moet word. 'n Tweede mosie, wat verlang het dat onderwysers nie sekretarisse van skoolkomitees mag word nie, is met vyf teenstemme aangeneem [2]. Weens drukke werksaamhede het die departement na 'n jaar nog nie die tyd kon vind om aandag aan die pligte van skoolkomitees te skenk nie [3].

(13) Skoolrade.

Die konferensie het ook aandag geskenk aan hulle eie sake en gevra dat plattelandse lede van 'n skoolraad 'n daaglikse toelae van tien sjielings, behalwe 'n reistoelae, sal ontvang, en dat aangrensende skoolrade mekaar sal raadpleeg ten opsigte van die oprigting van skole vir leerlinge wat naby die grense woon [4]. Die toelae is deur die minister van onderwys geweier, terwyl dit die wens van die departement was dat skoolrade mekaar moes raadpleeg [5].

c. Besluite van die tweede skoolraadskonferensie.

Waar die eerste konferensie oor een-en-sewentig mosies beslis het, het die tweede byeenkoms oor twee-en-veertig beslis, waarvan sewe-en-twintig aangeneem, sewe verwerp en sewe deur die voorstellers teruggetrek is.

Weer eens het dit uit die onderwerpe wat bespreek is geblyk dat die sakelys die belangrikste sake in verband met die onderwysadministrasie van Transvaal ingesluit het. Die besprekings is gekenmerk deur 'n goeie gees en was van 'n kragtige en aansporende aard.

Vier van die besluite het om 'n verandering van die onderwyswet gevra. Alhoewel drie daarvan moontlike verbeteringe op die ou bepalings voorgestel het, was

die minister/.......

1. T.E.D.-Report, 1908 - 9, 179.
   Id., 170: Mosie 18.
2. Id., 173: Mosies 39 en 40.
3. Id., 181.
4. Id., 175: Mosies 54 en 63.
5. Id., 181.

die minister van onderwys nie bereid om gedurende die laaste sitting van die Transvaalse Parlement 'n wysigingswetsontwerp in te dien nie.

Die eerste mosie het versoek dat geen kind die skool sal verlaat voordat hy nie in standerd vier geslaag het en die ouderdom van veertien jaar bereik het nie. 'n Tweede mosie, wat hiermee verband hou, het voorgestel dat die straal van drie myl afgeskaf moes word waar die skoolraad in die vermoë was om die nodige losies- of vervoerfasiliteite te verskaf of waar die ouers self in die posisie was om die nodige fasiliteite te verskaf [1]. Albei hierdie aanbevelings sou die klousules in die wet in verband met verpligte onderwys op 'n stewige grondslag plaas.

'n Derde voorstel het gehandel oor die permanente benoeming van skoolraadsekretarisse [2]. Dit sou kontinuïteit verseker, aangesien daar geen waarborg was dat aftredende raadslede weer herkies of herbenoem sou word nie.

Die vierde mosie het, soos die vorige jaar, gevra dat die minimum aantal leerlinge vir 'n ondersteunde buiteskool van tien tot ses verminder word [3].

Waar die beslissings van die departement ten opsigte van die verskillende besluite oorweeg is, moes die konstitusionele ontwikkeling en die totstandkoming van Unie in gedagte gehou word. Aanbevelings wat finansiële implikasies ingehou het, moes met versigtigheid gehanteer word, aangesien die finale subsidie vir onderwysdoeleindes wat die provinsiale besture van die Unieregering sou ontvang, nog nie bekend was nie [4].

(1) Sentralisasie.

Die konferensie was van meming dat daadwerklike pogings aangewend moes word om sentralisasie te bevorder, en dat 'n verhoging van losiesbeurse en

meer en/.......

1. T.O.D.-Rapport, 1909 - 10, 268: Besluite nos. 2 en 3. Die verrigtinge van die konferensie word ook gegee in 'n spesiale pamflet van die Transvaalse Onderwysdepartement: "Second Conference of Representatives of School Boards held in the Normal College Hall, Pretoria, on the 24, 25, 26 November 1909".
2. Id., 270: Besluit 17.
3. Id., 268: Besluit 5.
4. Id., 268: Besluit 1.

meer en beter voorsiening vir die verskaffing van vervoer nodig was om hierdie doel te kon bereik. Die onderwysraad was nie bereid om enige verandering van die beursregulasies by die minister van onderwys aan te beveel nie, aangesien die aangebode fasiliteite en voorregte reeds groot was en die ouers behoort, indien nodig, dit self aan te gevul het [1].

(2) Voortsettingsklasse, handearbeid en kookkuns.

Die skoolrade het gevoel dat daar 'n behoefte bestaan vir voortgesette onderwys vir naskoolse kinders en het die regering versoek om toelaes daarvoor beskikbaar te stel. Die aanbeveling vir die stigting van die klasse vir voortgesette onderwys moes aan die skoolrade in plaas van aan die inspekteur van onderwys opgedra word. Die regering was besig om die klasse vir voortgesette onderwys so vinnig as wat die fondse dit toegelaat het, uit te brei. Die onderwysraad was besig om die regulasies vir voortgesette onderwys so te wysig dat die aanbeveling vir die oprigting van sodanige klasse in die hande van die skoolrade oorgegaan het [2].

'n Ander afdeling van die onderwys wat so snel moontlik uitgebrei is, was die onderrig van handearbeid, en in verband daarmee, kookkuns vir dogters. Hierdie praktiese onderrig is deur die vergadering sterk aanbeveel, met die voorbehoud dat dit nie gedoen moes word ten koste van die suiwer geestelike opleiding nie [3].

(3) Voorsiening en instandhouding van geboue.

(a) Die verspreiding van die jaarlikse toewysing.

Besluite 11, 12 en 13 handel oor die distribusie van skoolgeboue en die toewysing van somme geld vir ander doeleindes. Skoolrade het hul misnoë uitgespreek omdat hulle aanbevelings vir die oprigting van skoolgeboue in die verlede so dikwels verander is, en hulle het die aandag gevestig op die ongelyke verdeling/.....

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 268, 269: Besluite 1 en 7.
2. Id., 268: Besluit 4.
3. Id., 268: Besluit 6.

gelyke verdeling van die bedrag wat vir skoolgeboue aan verskillende distrikte beskikbaar gestel is. Hulle het versoek dat die aantal skoolgaande kinders, die uitgebreidheid, die digtheid van die bevolking en die toestande in die betrokke distrikte die basis moes vorm waarop die jaarlikse toekenning, veral vir buiteskoolbeurse, toegewys sou word.

Die onderwysraad het sorgvuldig aandag geskenk aan al hierdie sake en alle pogings is aangewend om 'n billike basis van verdeling te vind voordat enige aanbevelings na die minister deurgestuur is [1].

(b) Die oprigting en huur van geboue.

Die verteenwoordigers van skoolrade was nie tevrede met die toentertydse reëlings in verband met die oprigting en instandhouding van skoolgeboue nie. Hulle het ook versoek dat die spesifikasies en planne sover moontlik vereenvoudig moes word, sodat meer skole met die beskikbare fondse gebou kon word. Die departement van publieke werke, wat verantwoordelik was vir die oprigting van geboue, het verklaar dat geen verandering nodig of uitvoerbaar was nie.

Vir die gevalle waar privaateienaars skoolgeboue opgerig het met die doel om dit aan die departement te verhuur, is versoek dat die betaling van die huurvoorskot vir 'n tydperk van vier jaar in plaas van twee jaar sal geskied, en dat dit betaal sal word sodra met die oprigting van die gebou begin is. Die departement van publieke werke was bereid om die termyn tot drie jaar te verleng, met die verstandhouding dat die voorskot nie die bedrag van £100 sou oorskry nie. Geen voorskotte kon betaal word voor die gebou voltooi was nie.

(c) Onderwyserswonings.

Weens die groot behoefte aan onderwyserswonings, word die departement dringend versoek om so spoedig en sover moontlik voorsiening te maak. Die huisvesting van onderwysers het die aandag van die departement/.......

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 269: Besluite 11 tot 13.
2. Id., 70: Besluit 18.

departement geniet en waar nuwe skoolgeboue opgerig word, is ook wonings opgerig indien daar nie reeds 'n woning bestaan het nie [1].

(4) Onderwysers.

Nieteenstaande die beslissing en versekering van die departement, na aanleiding van 'n besluit van die vorige konferensie, dat alle poste deeglik geadverteer sou word, is 'n soortgelyke besluit deur die konferensie van 1909 aangeneem. Die departement kon poste nie meer doeltreffend adverteer as wat reeds die geval was nie [2].

Goedkeuring is gevra vir skoolkomitees en skoolrade om van applikante getuigskrifte van sedelike gedrag en godsdienstige oortuiging te vra, en om applikante te mag verplig om, wanneer hulle vir poste aansoek doen, hulle jongste inspeksierapport in te sluit. Aangesien 'n getuigskrif wat die godsdienstige standpunt aantoon, gebruik kon word om byvoorbeeld faktore soos kerk-verband vas te stel, het die departement beslis dat skoolrade geen ander bewys sal vra as 'n verklaring van die kandidaat dat hy bereid is om godsdiensonderwys ooreenkomstig die bepalings van die wet te gee nie. Verder is dit goedgekeur dat kandidate inspeksierapporte moet insluit [3].

Groter magte is gevra vir skoolrade om onderwysers aan te stel wat die nodige kwalifikasies besit het maar wat nie die nodige ondervinding in Transvaal gehad het nie. Hierdie besluit sou die benoeming van Normaalkollegestudente en die bevordering van Transvaalse onderwysers nadelig beïnvloed het, en derhalwe was die onderwysraad nie bereid om die verandering by die minister van onderwys aan te beveel nie [4].

Om personeelveranderinge te verminder, het die konferensie aanbeveel dat geleenthede vir promosie aan onderwysers in skole waar hulle werksaam is gebied word, en dat verplasings slegs aan die einde van die

skooljaar /.......

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10: Besluit 19.
2. Id., 269: Besluit 9.
3. Id., 269, 270: Besluite 10 en 16.
4. Id., 270: Besluit 15.

skooljaar sou plaasvind [1].

Besorgdheid is uitgespreek oor die administratiewe werk wat skoolhoofde moes verrig. Die departement het die belangrikheid hiervan besef en daarna gestrewe om die administratiewe werk so ver moontlik te beperk [2].

Die aandag van die owerhede is gevestig op die onnodige lang tyd wat verloop het tussen die aanbeveling van die skoolraad en die benoeming van die onderwyser deur die departement. Alle pogings is deur die departement aangewend om aanstellingsbriewe so spoedig moontlik aan belanghebbende persone te pos [3].

(5) <u>Laer onderwys</u>.

Daar is drie besluite geneem wat betrekking gehad het op die laer onderwys. Die eerste besluit het versoek dat 'n leerling in 'n eenmanskool, na voltooiïng van die leergang vir die vierde standerd, nie sonder goedkeuring van die inspekteur in die skool behou mag word nie. Hierdie besluit is uitgevoer [4].

In verband met die verantwoordelikheid van ouers om die skoolboeke van hulle kinders te voorsien, is versoek dat die departement skoolboeke sonder uitsondering aan alle skoolkinders moes leen. Die minister van onderwys was nie hiervoor te vinde nie [5].

Nieteenstaande die feit dat skoolrade gekla het oor die moeilike taak wat hulle opgelê is om te beslis of kinders blank is al dan nie, het die minister geantwoord dat geen ander liggaam so bevoeg is om hieroor te beslis as juis die skoolrade nie [6].

(6) <u>Inspeksie</u>.

Skoolrade was nie oortuig dat skoolinspeksies deeglik uitgevoer word nie. Die departement het die belangrikheid van sorgvuldige en deeglike inspeksie besef en het geen rede gehad om

aan te neem/.......

---

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 270: Besluit 14.
2. Id., 270: Besluit 27.
3. Id., 272: Besluit 28.
4. Id., 271: Besluit 23.
5. Id., 271: Besluit 24.
6. Id., 271: Besluit 25.

aan te neem dat die werk, binne die bestek van die beskikbare tyd gedaan, nie na wense uitgevoer is nie [1].

(7) Godsdiensonderwys.

'n Alternatiewe skema vir godsdiensonderwys sou opgestel word om uitvoering te gee aan 'n besluit wat verlang het dat die Bybelse geskiedenis afgehandel moes word voordat die kinders standerd sewe bereik het [2].

(8) Die taalvraagstuk.

Daar was net een besluit wat direk oor die taal gehandel het. Die besluit het die wens uitgespreek dat kandidate by openbare eksamens die keuse moes hê om hulle vraestelle in Hollands of Engels te beantwoord. Die beginsel is alreeds deur die Transvaalse onderwysdepartement aanvaar en die Raad van die Universiteit van de Kaap de Goede Hoop het dieselfde beginsel in verband met die junior en senior sertifikaat- en die matrikulasie-eksamens aangeneem [3].

(9) Belange van die buiteskole.

In opvolging van 'n besluit van die vorige konferensie, is weer gevra dat 'n behoorlike tweetalige amptenaar, wat op hoogte is met die besondere en eienaardige toestande van die buite-bevolking, deur die departement aangestel word, en dat die buiteskole onder sy toesig geplaas sal word. Weer eens het die departement verklaar dat daar nie gebrek aan kennis van die omstandighede van buiteskole was soos die besluit te kenne wou gee nie. Die voorgestelde organisasie, naamlik dat buite- en stadskole deur twee persone beheer moes word, was nie uitvoerbaar nie.

(10) Stemming by die verkiesing van skoolrade.

Die laaste besluit van die konferensie het gepleit vir 'n stemming soos by die verkiesing van die Wetgewende Vergadering wanneer skoolrade verkies word. Die metode waarvolgens deur die pos gestem is was/.......

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 271: Besluit 20.
2. Id., 271: Besluit 22.
3. Id., 272: Besluit 29.

is, was onbevredigend. Weens die hoë koste verbonde aan 'n stembusverkiesing, was die minister nie bereid om van die gebruik van posstemme af te sien nie [1].

d. <u>Algemene indrukke aangaande die skoolraadskonferensies.</u>

'n Breë oorsig oor die verrigtinge van die twee konferensies en die daaropvolgende besluite wat deur die owerheid geneem is, vestig die aandag op 'n paar sake.

(1) Die skoolrade as gedeeltelik verkose plaaslike besture en derhalwe ook as verteenwoordigers van die ouers van skoolgaande kinders, het hulle vleuels wyd uitgestrek oor die onderwys. Die sake wat ter tafel gelê is en die besluite wat geneem is, toon dat die skoolrade belang gestel het in en 'n wakende oog gehou het oor feitlik al die aspekte van die onderwys.

Verteenwoordigers het nie geskroom om die owerhede op hulle pligte te wys waar hulle gemeen het dat daar doeltreffender opgetree kon word nie.

(2) 'n Voorstel deur die Wes-Randse skoolraad, dat daar geen grond is vir die voortbestaan van skoolrade nie en dat die magte en pligte van skoolrade, soos deur die wet bepaal, van sodanige aard is dat dit deur 'n administratiewe amptenaar en plaaslike skoolkomitees behartig kon word, het soveel teenkanting ondervind dat die voorstel teruggetrek is [2]. Die houding van die afgevaardigdes dui daarop dat, alhoewel daar rede tot ontevredenheid bestaan het oor hulle magte en die tempo van die offisiële prosedure, daar tog genoeg ruimte bestaan het vir waardevolle onderwyswerk. Dit sou tyd neem vir die nuwe masjien om vlot te funksioneer.

Na afloop van die tweede konferensie skrywe die redakteur van "Het Kristelik Schoolblad":

> "Voorzover we kunnen oordelen is de positie der schoolraden sterker geworden" 3).

(3) Eers/.......

---

1. T.O.D.-Rapport 1909 - 10, 272: Besluit 29.
2. Id., 179: Besluit 34.
3. Het Kristelik Schoolblad, 1.12.1909.

(3) Eers 'n jaar na afloop van die eerste byeenkoms het die departement 'n amptelike verklaring uitgereik om aan te toon wat van die besluite van die konferensie geword het. Hierdie vertraging het baie vrae laat ontstaan en die indruk geskep dat daar eintlik niks gebeur het nie.

Uit die besluite van die owerheid met betrekking tot die aanbevelings van albei konferensies blyk die volgende:

(a) Die aanbevelings is deeglik deur die onderwysraad oorweeg en die nodige aanbevelings aan die minister van onderwys voorgelê.

(b) Die minister van onderwys was nie bereid om enige wysiging aan die bestaande wet aan te bring nie. Na afloop van die eerste konferensie was die algemene verskoning dat die wet nog nie lank genoeg in werking was nie, en na die tweede byeenkoms wou die minister nie enige wysigings van die onderwyswet by die laaste sitting van die Transvaalse Wetgewende Vergadering indien nie.

(c) Die minister se weiering om die onderwyswet te verander, het in 'n groot mate die indruk geskep dat die aanbevelings van die skoolrade geen gesag by die owerhede dra nie.

Hier tree die kwessie van die gelyke taalregte sterk op die voorgrond. Die aanbevelings in verband met die verwydering van sekere ongerymdhede in die regulasies wat die Hollandse taal betref, is goedgekeur en uitgevoer, maar die voorgestelde verandering van die wet om vir albei tale, Engels en Hollands, volkome gelyke regte te verkry, is van die hand gewys. Die feit dat daar by die tweede skoolraadskonferensie net een besluit geneem is in verband met die regte van die Hollandse taal, dui daarop dat vordering gemaak is.

(d) Dit is opmerklik dat die direkteur van onderwys die gebrek aan tyd as rede daarvoor aangevoer het dat die regulasies wat die werksaamhede van skoolkomitees moes neerlê, nog nie opgestel is nie. Dui dit op die min belangstelling wat daar vir die

werk van/.......

werk van die skoolkomitees was ?

(4) Die godsdiensonderwys het nie veel aandag geniet nie. Die saak is aangeroer na aanleiding van twee mosies van Rustenburg. Die eerste mosie het gevra dat op plekke waaroor die ouers ooreen kon kom, dogmatiese godsdiensonderwys gegee mag word. Na deeglike bespreking het die voorsteller sy mosie teruggetrek, daar hy die tyd nog nie ryp geag het vir die vergadering om oor hierdie gewigtige saak te beslis nie. Die tweede mosie het gevra dat plaaslike besture die reg sou hê om getuigskrifte van goeie sedelike gedrag en godsdienstige standpunt te vra. Soos bekend, het die vergadering die voorstel goedgekeur maar het die departement beslis dat 'n applikant slegs gevra kon word of hy bereid is om godsdiensonderwys, soos deur die wet neergelê, te doseer.

8. <u>Samevatting.</u>

Generaal J. C. Smuts, minister van onderwys in die nuut verkose Wetgewende Vergadering, het rasse-samewerking op onderwysgebied in die verowerde kolonie beoog en 'n onderwyswet saamgestel, wat volgens sy mening die onderwysbeginsels van albei na-oorlogse onderwysstelsels sou insluit.

Die onderwyswet, wat eenparig deur die Wetgewende Vergadering aangeneem is, was 'n deeglike, goed saamgestelde stuk wat voorsiening gemaak het vir die instelling van skoolrade, skoolkomitees en beherende liggame as plaaslike bestuursliggame. Die wet het die minister gemagtig om, waar nodig, regulasies op te stel in verband met die samestelling en werksaamhede van die verskillende plaaslike besture.

Skoolrade sou die belangrikste verteenwoordigers van die ouers wees, met oppertoesig oor die onderwysbelange in hulle distrik. Hulle sou die skoolkomitees raadpleeg in verband met hulle skole, en die skoolkomitees kon die skoolrade adviseer aangaande hulle skole.

Dat die wet uitgebreide pligte en verantwoordelikhede op die skoolrade geplaas het, lei geen twyfel nie. Hulle moes die regulasies in verband met verpligte skoolbesoek uitvoer, die sentralisasie van skole bevorder, beurstoekennings kontroleer en aanbeveel,

voorsiening/.......

voorsiening maak vir nuwe skole en die instandhouding van skoolgeboue, die departement adviseer in verband met die aanstelling, skorsing en ontslag van onderwysers, toesien dat Kleurlinge nie in blanke skole opgeneem word nie, kontroleer of die taalbepalings van die wet toegepas en uitgevoer word en gelde beheer wat deur die owerheid direk of indirek aan hulle toegewys is.

By die uitvoering van sommige van bogenoemde pligte het die skoolrade in 'n mindere of meerdere mate vryheid gehad om, binne sekere beperkinge, outonoom op te tree. Hier kan byvoorbeeld genoem word: die distribusie van beursgelde vir vervoer en losies, mits die maksimum bedrae per individu en die totaal soos neergelê nie oorskry word nie; die aanbeveling van onderwysers, mits dit objektief en in die belang van die skool gedoen word en die persoon die nodige kwalifikasies besit. Die wering van Kleurlinge uit blanke skole was die uitsluitlike verantwoordelikheid van die rade, so ook die toestemming tot die gebruik van skoolgeboue vir ander doeleindes as die onderwys.

Van absolute outonomie, uitgesonderd miskien in die laasgenoemde twee gevalle, was daar geen sprake nie. Die direkteur het nog altyd die finale seggenskap gehad, en in geval van 'n verskil tussen hom en die rade het die hoogste gesag by die minister van onderwys berus.

Dat die skoolrade hulle beywer het vir die saak van die onderwys, blyk uit die vordering wat daar op onderwysgebied plaasgevind het, uit die toename in die aantal leerlinge, die stigting van nuwe skole en die dienooreenkomstige vermeerdering in die onderwysende personeel. 'n Verdere bewys is die omvangryke aantal besluite wat tydens die skoolraadskonferensies geneem is; die stryd wat op strategiese punte gevoer en tot 'n mate gewen is, soos byvoorbeeld ten opsigte van die groter ouerseggenskap, die beter opleiding van onderwysers en die taalvraagstuk.

Die skoolraadskonferensies het vrugte afgewerp. Op verskillende terreine is toegewings gemaak en 'n beter begrip van die werking van die onderwysmasjinerie het posgevat.

Beherende liggame vir hoërskole sou die funksies

van skool/.......

van skoolrade en skoolkomitees vervul. Op 'n tydstip toe daar 'n groot behoefte aan geboue en fasiliteite was, het hierdie liggame hulle plek volgestaan.

In die lig van die verhouding tussen skoolkomitees, die skoolraad en die direkteur van onderwys, moet besluit word dat die skoolkomitees nie altyd tot hulle reg gekom het nie. Waar daar goeie samewerking was tussen skoolkomitee en skoolraad en waar die skoolkomitees die belange van die onderwys op hulle hart gedra het, het die skole gefloreer.

Alhoewel daar soms wrywing was tussen skoolkomitee en skoolraad, skoolraad en departement, kan die goeie werk wat deur die plaaslike liggame gedoen is nie uit die oog verloor word nie. Die Smutswet het daarin geslaag om die onderwysadministrasie tot 'n eenheid saam te snoer wat oor die algemeen doeltreffend en tot bevordering van die onderwys gefunksioneer het.